Gedragskode vir Alle Regspraktisyns, Kandidaatregspraktisyns en Regsentiteite

Algemene Kennisgewing No. 168, *Staatskoerant* No. 42337 van 29 Maart 2019
(soos verbeter by Algemene Kennisgewing No. 198 in *Staatskoerant* No. 42364 van 29 Maart 2019)

REGSPRAKTYKRAAD

["Wetsgenootskap van Kaap die Goeie Hoop" verbeter tot "Legal Practice Council" by Algemene Kennisgewing No. 198 van 29 Maart 2019.]

Hierdie finale Gedragskode word ingevolge artikel 36(1) van die "Legal Practice Act, 2014" (Wet No. 28 van 2014) ("die Wet"), gepubliseer.

Die Gedragskode is van toepassing op alle regspraktisyns (prokureurs en advokate) sowel as alle kandidaatregspraktisyns en regsentiteite soos omskryf, en is van krag vanaf die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

'n Konsepwysiging van die Gedragskode wat voorheen op 10 Februarie 2017 ingevolge artikel 97(1)(b) van die Wet in *Staatskoerant* No. 40610 gepubliseer is, is op 21 Desember 2018 ingevolge artikel 36(5) van die Wet in *Staatskoerant* No. 42127 vir kommentaar gepubliseer. Alle belanghebbende partye is versoek om hul kommentaar teen 7 Februarie 2019 skriftelik in te dien. Die Raad het die kommentaar by die opstel van die finale weergawe oorweeg.

Die Gedragskode dien as die geldende gedragstandaard en sal deur die Regspraktykraad toegepas word. Dit bestaan uit die volgende dele:

(I) Woordomskrywing;
(II) Gedragskode: Algemene bepalings;
(III) Gedrag van prokureurs;
(IV) Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet;
(V) Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet;
(VI) Gedrag van regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns betreffende verskynings in 'n hof of voor 'n tribunaal; en
(VII) Gedrag van regspraktisyns wat nie in private praktyk is nie.

Versuim om aan die Gedragskode te voldoen maak wangedrag uit en oortreders sal onderwerp word aan tugverrigtinge ingevolge die reëls afgekondig ingevolge artikels 95(1), 95(3) en 109(2) van die Wet in *Staatskoerant* No. 41781 van 20 Julie 2018.

Geteken te Pretoria op hede die 19de dag van Maart 2018.

(w.g.) **HLALELENI KATHLEEN DLEPU**
Voorsitter: Regspraktykraad

Suid-Afrikaanse Regspraktykraad

Gedragskode ontwikkel ingevolge artikel 36(1) van die Wet op Regspraktyk 28 van 2014.

INHOUDSOPGAWE

DEEL I

Woordomskrywing

DEEL II

Gedragskode: Algemene bepalings

DEEL III

Gedrag van prokureurs

DEEL IV

Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet

DEEL V

Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet

DEEL VI

Gedrag van regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns betreffende verskynings in ’n hof of voor ’n tribunaal

DEEL VII

Gedrag van regspraktisyns wat nie in private praktyk is nie

DEEL I

Woordomskrywing

1. Woordomskrywing

In hierdie Kode, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

1.1 **“die Wet”** die Wet op Regspraktyk 28 van 2014;

1.2 **“advokaat”** ’n regspraktisyn wat kragtens die Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf is;

1.3 **"prokureur"** 'n regspraktisyn wat kragtens die Wet as sodanig toegelaat en ingeskryf is;

1.4 **"takkantoor"** 'n kantoor waar of waaruit 'n firma praktiseer, maar wat nie sy hoofkantoor is nie;

1.5 **"kandidaatprokureur"** 'n persoon wat praktiese beroepsopleiding deurloop met die oog daarop om as 'n prokureur toegelaat en ingeskryf te word;

1.6 **"kandidaatregspraktisyn"** 'n persoon wat praktiese beroepsopleiding deurloop, hetsy as 'n kandidaatprokureur of as 'n pupil;

1.7 **"kamers"** die perseel wat vir die praktyk van 'n advokaat geskik is;

1.8 **"Gedragskode"** of **"Kode"** hierdie Kode;

1.9 **"aktebesorger"** 'n praktiserende prokureur wat toegelaat en ingeskryf is om kragtens die Wet as 'n aktebesorger te praktiseer;

1.10 **"Raad"** die Suid-Afrikaanse Regspraktykraad ingestel by artikel 4 van die Wet;

1.11 **"konsultus"**[1] 'n advokaat bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet;

1.12 **"hof"** 'n hof in die Republiek soos beoog in artikel 166 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.1 **"dissiplinêre liggaam"**—

1.13.1 'n ondersoekkomitee;

1.13.2 'n dissiplinêre komitee; of

1.13.3 'n appèltribunaal;

1.14 **"Getrouheidsfondssertifikaat"** die sertifikaat bedoel in artikel 85 van die Wet;

1.15 **"firma"**—

1.15.1 'n prokureursvennootskap;

1.15.2 'n prokureur wat vir eie rekening praktiseer; of

1.15.3 'n regsentiteit,

wat in elke geval die praktyk van 'n prokureur bedryf;

1.16 **"Fonds"** Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns genoem in artikel 53 van die Wet;

1.17 **"Hooggeregshof"** die Hooggeregshof van Suid-Afrika genoem in artikel 6 van die Wet op Hoër Howe 10 van 2013, of, indien uit die samehang anders blyk, die Afdeling daarvan wat jurisdiksie het;

1.18 **"regsentiteit"** 'n kommersiële regsentiteit ingestel om 'n regspraktyk van 'n prokureur te bedryf soos beoog in artikel 34(7) van die Wet en 'n regspraktyk met beperkte aanspreeklikheid te bedryf soos beoog in artikel 34(9) van die Wet;

---

[1] Die Engelse term hier is "counsel", wat normaalweg met "advokaat" vertaal word, maar aangesien "advokaat" reeds by 1.2 gebruik moet word, moet 'n onderskeidende term gebruik word.

1.19 **"regspraktisyn"** 'n advokaat of prokureur wat as sodanig kragtens onderskeidelik artikel 24 en artikel 30 van die Wet toegelaat en ingeskryf is;

1.20 **"hoofkantoor"** die perseel waar en van waar die praktyk van 'n firma as geheel geadministreer en beheer word, met inbegrip van sodanige perseel in twee of meer geboue wat naby genoeg aan mekaar geleë is om die administrasie van daardie praktyk as 'n enkele saamgestelde entiteit moontlik te maak, en met inbegrip van 'n perseel wat kragtens rekeningkundige reëls 54.2 en 54.5[2], na gelang van die geval, as sodanig verklaar of bepaal is;

1.21 **"Minister"** die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste;[3]

1.22 **"notaris"** 'n praktiserende prokureur wat toegelaat en ingeskryf is om kragtens die Wet as 'n notaris te praktiseer;

1.23 **"private praktyk"** die praktyk van 'n regspraktisyn wat regsdienste teen vergoeding ter beskikking van die publiek stel en aktief in die beroep van óf prokureur óf advokaat werksaam is, of in die praktyk van 'n regspraktisyn soos beoog in artikel 34(5)*(c)*, *(d)* of *(e)* of artikel 34(6)*(b)*, *(c)* of *(d)* van die Wet, en het **"praktiseer"** 'n ooreenstemmende betekenis; en vir doeleindes van hierdie woordomskrywing—

1.23.1 word prokureurs bedoel in artikel 34(5)*(c)*, *(d)* en *(e)* van die Wet geag prokureurs in private praktyk te wees; en

1.23.2 word advokate bedoel in artikel 34(6)*(b)*, *(c)* en *(d)* van die Wet geag advokate in private praktyk te wees;

1.24 **"pupil"** iemand wat praktiese beroepsopleiding deurloop ten einde as 'n advokaat toegelaat en ingeskryf te word;

1.25 **"Republiek"** die Republiek van Suid-Afrika;

1.26 **"rol"** die rol van regspraktisyns bedoel in artikel 30(3) van die Wet;

1.27 **"reëls"** die reëls ingevolge die Wet gemaak; en

1.28 **"trustrekeningpraktyk"** 'n praktyk bedryf deur—

1.28.1 een of meer prokureurs; of

1.28.2 'n advokaat bedoel in artikel 34(2)*(b)* van die Wet,

wat ingevolge die Wet 'n getrouheidsfondssertifikaat moet hê.

---

[2] Van die reëls gemaak kragtens artikel 95(1) van die Wet en afgekondig by Algemene Kennisgewing 401 van 20 Julie 2018 in *Staatskoerant* No. 41781.

[3] Die Engels het wel "Correctional Services" en daar is tans 'n minister met so 'n portefeulje, maar Wet 28 van 2014 sê "Justice and Constitutional Development".

1.29 Woorde of uitdrukkings wat in hierdie Kode gebruik word maar nie omskryf is nie, het die betekenis wat in artikel 1 van die Wet daaraan geheg word.[4]

DEEL II

Gedragskode: Algemene bepalings

Gedragskode: Algemene bepalings

2. Die bepalings van Deel II, wat nie alomvattend is nie, is van toepassing op, en moet nagekom word deur, alle regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite, met inbegrip, waar die samehang dit vereis, van regspraktisyns wat nie in private praktyk is nie. Indien regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite te eniger tyd twyfel oor die betekenis of toepaslikheid van enige deel van hierdie Kode, kan hulle 'n beslissing van die Raad aanvra.

3. Regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite—

3.1 moet die hoogste standaarde van eerlikheid en integriteit handhaaf;

3.2 moet die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en die beginsels en waardes verskans in die Grondwet handhaaf, en, sonder om die algemeenheid van hierdie beginsels en waardes te beperk, mag nie in die loop van hulle praktyk of sakebedrywighede teen enige persoon diskrimineer op enige van die gronde wat in die Grondwet verbied word nie;

3.3 moet die belange van hulle kliënte opperbelangrik ag: Met dien verstande dat hulle gedrag altyd onderworpe is aan—

3.3.1 hulle plig teenoor die hof;

3.3.2 die belange van geregtigheid;

3.3.3 nakoming van die reg; en

3.3.4 die handhawing van die etiese standaarde voorgeskryf by hierdie Kode en enige ander etiese standaarde wat algemeen deur die beroep erken word;

3.4 moet 'n onderneming nakom wat hulle in die loop van hulle sakebedrywighede of praktyk gegee het, tensy dit regtens verbode is;

3.5 moet hulle daarvan weerhou om enigiets te doen op 'n wyse wat regtens of ingevolge die Kode verbode is en hulle in 'n posisie plaas of kan plaas waarin 'n kliënt se belange met hul eie of met dié van ander kliënte bots;

[4] Die bedoeling van hierdie woordomskrywing moet klaarblyklik wees: "Indien 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in artikel 1 van die Wet geheg word, in hierdie Kode gebruik word maar nie omskryf word nie, het dit die betekenis wat aldus in die Wet daaraan geheg word."

3.6 moet die privilegie van die regsberoep en vertroulikheid met betrekking tot die sake van huidige of vorige kliënte of werkgewers handhaaf ooreenkomstig die reg;
3.7 moet die vryheid van kliënte om deur ’n regspraktisyn van hul eie keuse verteenwoordig te word, respekteer;
3.8 moet getrou, akkuraat en tydig rekenskap gee van kliënte se geld wat in hulle besit kom, sodanige geld afsonderlik van hul eie geld hou en sodanige geld hou slegs vir so lank as wat volstrek nodig is;
3.9 moet die onafhanklikheid behou wat nodig is om hulle in staat te stel om hulle kliënte of werkgewers van onbevooroordeelde advies te dien;
3.10 moet hulle kliënte by die vroegs moontlike geleentheid adviseer oor die waarskynlike sukses van daardie kliënte se sake en nie onnodige werk skep of hulle kliënte onnodige koste laat aangaan nie;
3.11 moet hulle bes doen om werk op ’n bekwame en tydige wyse te verrig, en nie werk aanvaar wat hulle nie redelikerwys meen hulle op dié wyse sal kan verrig nie;
3.12 is geregtig op redelike gelde vir hulle werk: Met dien verstande dat geen regspraktisyn mag versuim of weier om ’n mandaat uit te voer of voort te sit weens wanbetaling van gelde en uitbetalings (of die verskaffing van vooruitdekking daarvoor) nie indien die eis vir sodanige betaling of verskaffing op ’n onredelike tyd of op onredelike wyse gestel word, met inagneming van die betrokke omstandighede;
3.13 moet redelik op hoogte bly van regsontwikkelings, toepaslike wette en regulasies, regsteorie, die gemene reg en regspraktyk op die terreine waarop hulle praktiseer;
3.14 moet hulle teenoor kollegas, hetsy in private praktyk of andersins, met inbegrip van ’n regspraktisyn uit ’n vreemde jurisdiksie, en teenoor lede van die publiek gedra met integriteit, billikheid en respek en sonder onbillike diskriminasie, en moet enige gedrag vermy wat beledigend of vernederend is;
3.15 moet hulle daarvan weerhou om enigiets te doen wat die regsberoep ’n slegte naam sal of kan gee;
3.16 moet, tensy hulle daarvan vrygestel is, aan die Raad of enige Raadsorgaan, of aan die Fonds stiptelik alle bedrae betaal wat regtens verskuldig of betaalbaar is ten opsigte van gelde, vorderings, heffings, inskrywings, strafgeld, boetes of enige ander bedrae van watter aard ook al wat regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns of regsentiteite opgelê word kragtens enige bevoegdhede wat uit die Wet of die reëls voortspruit.

4. Daar word van regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite verwag om hulle ten volle met hierdie Kode vertroud te maak en die bepalings daarvan na te kom.

5. Regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns en regsentiteite word aangemoedig om onprofessionele gedrag deur ander regspraktisyns, kandidaatregspraktisyns of regsentiteite by die Raad aan te meld op die wyse voorgeskryf in die reëls wat die dissiplinêre prosedure voorskryf.

6. Teistering en seksuele teistering

6.1 'n Regspraktisyn of 'n kandidaatregspraktisyn mag nie enigiemand aan seksuele teistering onderwerp nie.

6.2 'n Regspraktisyn of 'n kandidaatregspraktisyn mag nie enigiemand aan teistering, met inbegrip van seksuele teistering, onderwerp nie.

6.3 Vir doeleindes van hierdie paragraaf 6 beteken—

6.3.1 **"seksuele teistering"** ongevraagde gedrag van 'n seksuele aard of ander onwelkome gedrag wat op die gender of seksuele oriëntasie van 'n persoon berus en wat ten doel het of die uitwerking het dat die persoon se regte geskend word of dat 'n ongemaklike, verkleinerende, vernederende of vyandige omgewing geskep word, of die uitwerking het dat die persoon se waardigheid aangetas word;

6.3.2 **"teistering"** ongevraagde gedrag wat volgehou word of ernstig is en verkleineer of verneder, of wat 'n vyandige of intimiderende omgewing skep, of wat bereken is om onderdanigheid te bewerkstellig deur werklike nadelige gevolge of die dreigement daarvan, en wat in verband staan met 'n persoon se lidskap of veronderstelde lidskap van 'n groep geïdentifiseer deur 'n grond wat ingevolge die Grondwet 'n grond is waarop nie teen iemand gediskrimineer mag word nie of met 'n kenmerk wat met sodanige groep geassosieer word;

6.3.3 **"gedrag"** gedrag wat nieverbale gedrag, verbale gedrag en/of fisiese gedrag kan wees, en sodanige gedrag wat as seksuele teistering kwalifiseer, kan by 'n enkele geleentheid voorkom of gedrag behels wat herhaaldelik voorkom, en waarvan die uitwerking is dat die persoon seksueel geteister word.

7. Benaderings en publisiteit

7.1 Vir doeleindes van Deel II van hierdie Kode beteken—

7.1.1 **"publisiteit"** ook 'n regstreekse of onregstreekse verwysing na 'n regspraktisyn of firma wat op enige skriftelike, pikturale of mondelinge wyse in enige medium (met inbegrip van elektroniese en sosiale media) gepubliseer of versprei word, ongeag of sodanige publisiteit of verwysing—

7.1.1.1 geskied in verband met ’n borgskap, beskermheerskap, welsynswerksaamheid, ander soortgelyke welwillendheidsdoel of steun aan enige saak; of

7.1.1.2 geskied of gefinansier word in opdrag van, of met die medewete of toestemming van, die regspraktisyn of firma; of

7.1.1.3 verskyn of vervat is in ’n hoofartikel, promosieartikel of advertensie,

en het **“publiseer”** ’n ooreenstemmende betekenis.

7.2 ’n Regspraktisyn moet toesien dat alle skriftelike (met inbegrip van briefhoofde) of mondelinge kommunikasie met kliënte of potensiële kliënte, en alle publisiteit, met inbegrip van die aanbied van dienste deur publisiteit, gegee of gepubliseer deur of namens ’n regspraktisyn—

7.2.1 geskied op ’n wyse wat die regsberoep nie ’n slegte naam gee nie;

7.2.2 nie aanstootlik of onbehoorlik is nie en nie gedrag uitmaak wat in kwade trou, onredelik of onbillik is ten opsigte van ’n aangeleentheid waarin ’n ander regspraktisyn reeds opdrag gekry het nie;

7.2.3 nie ’n wanvoorstelling is van die aard van die dienste wat aangebied word nie;

7.2.4 in alle opsigte ooreenstem met die vereistes van hierdie paragraaf;

7.2.5 nie die diens gelewer deur enige ander regspraktisyn verwronge voorstel, geringskat of vergelyk nie, of die gehalte daarvan kritiseer nie, of daarop aanspraak maak dat ’n diens van hoër gehalte as enige ander regspraktisyn gelewer word nie, ongeag of sodanige ander regspraktisyn geïdentifiseer word al dan nie,

7.2.6 nie by naam na enige kliënt verwys nie, tensy—

7.2.6.1 die skriftelike toestemming van die kliënt vooraf verkry is; of

7.2.6.2 die advertensie uitsluitlik op die verkoop of verhuring van ’n kliënt se eiendom betrekking het.

7.3 Die verantwoordelikhede van regspraktisyns uiteengesit in paragraaf 7.2 kan nie gedelegeer word nie. Indien ’n regspraktisyn of firma bewus word van publisiteit waarin daar in stryd met hierdie paragraaf na hom of haar of die firma verwys word of wat hierdie paragraaf skend, moet hy of sy of die firma onmiddellik sodanige gepaste stappe doen as wat redelikerwys nodig is om die publisiteit te laat regstel of terugtrek en voorts die regstelling publiseer in dieselfde medium of media as waarin die strydige of skendende publisiteit verskyn het.

8. Spesialisering en deskundigheid

8.1 Regspraktisyns mag hulle op grond van gespesialiseerde kwalifikasies of ervaring adverteer of hulle dienste aanbied as spesialiste of verskaffers van spesialisdienste: Met

dien verstande dat indien ’n regspraktisyn aanspraak maak op spesialisering in of deskundigheid op die gebied van ’n vertakking van die reg, die Raad—

8.1.1 van die regspraktisyn kan vereis om teen ’n bepaalde datum goeie gronde aan te voer waarom die Raad hom of haar nie moet gelas om op te hou om hom of haar as ’n spesialis of as ’n deskundige in enige vertakking van die reg uit te gee nie ;

8.1.2 hom of haar kan gelas om op te hou om hom of haar uit te gee as ’n spesialis of deskundige in die betrokke vertakking van die reg indien die Raad van mening is dat die aanspraak nie geregverdig is nie; en

8.1.3 kan verklaar dat sodanige lasgewing dien as kennisgewing kragtens die reëls met betrekking tot dissiplinêre prosedures, sonder dat die Raad se bevoegdhede ingevolge daardie reëls enigsins beperk word.

8.2 Die status van senior advokaat of senior prokureur kan ooreenkomstig die kriteria en prosedures wat die Raad voorskryf, aan ’n regspraktisyn toegestaan word.

9. Integriteit in die verrigting van professionele dienste

9.1 ’n Regspraktisyn en ’n firma moet redelike stappe doen om enige redelike vermoede te vermy of te voorkom dat sy, haar of die firma se integriteit in enige opsig onder verdenking kom.

9.2 ’n Regspraktisyn mag nie, wanneer hy of sy ’n kliënt adviseer, gedrag adviseer wat in stryd met enige regsvoorskrif is nie, en in die besonder mag ’n regspraktisyn nie enige plan bedink wat behels dat ’n misdryf begaan word nie.

9.3 ’n Regspraktisyn mag raad gee oor die vraag of ’n handeling, versuim of gedragslyn ’n regsvoorskrif kan oortree.

9.4 Wanneer ’n regspraktisyn ook al ’n handeling in persoonlike hoedanigheid verrig wat oënskynlik van professionele aard is, mag hy of sy nie toelaat dat daar enige verwarring by ’n belanghebbende persoon bestaan oor die vraag of hy of sy in persoonlike hoedanigheid of in professionele hoedanigheid of albei gehandel het nie.

9.5 Indien ’n kliënt wat van ’n misdryf aangekla word, te eniger tyd teenoor die regspraktisyn erken dat hy of sy (die kliënt) aan die misdryf skuldig is, moet die regspraktisyn onmiddellik aan die kliënt verduidelik dat die voortsetting van die saak aan die volgende beperkings onderworpe sal wees:

9.5.1 Die regspraktisyn mag nie enige feit beweer of impliseer wat hy of sy weet onwaar is nie, en hy of sy mag hom of haar ook nie verbind om ’n onwaarheid te staaf nie;

9.5.2 die regspraktisyn mag nie ’n weergawe aanbied wat onbestaanbaar met die bekentenis van die kliënt is nie;

9.5.3 die regspraktisyn mag aanvoer dat die getuienis aangebied om die aanklag te staaf ontoereikend is om ’n skuldigbevinding te regverdig;

9.5.4 die regspraktisyn mag steun op enige regspunt wat verweer teen skuldigbevinding kan bevoordeel, of mag dit stel; en

9.5.5 die kliënt kan verkies om die regspraktisyn te behou op die grondslag uiteengesit of verkies om die regspraktisyn van die opdrag vry te stel.

9.6 Wanneer ’n kliënt teenstrydige opdragte gee, of poog om vroeëre opdragte in te trek, moet die regspraktisyn hom of haar aan die aangeleentheid onttrek indien voortgesette optrede namens die kliënt die regspraktisyn onvermydelik in die verleentheid sal bring.

9.7 ’n Regspraktisyn moet by die opstel van pleitstukke en van beëdigde verklarings steun op die feite wat aan hom of haar gegee word deur die opdraggewende prokureur of kliënt, na gelang van die geval, en wanneer hy of sy dit doen, moet hy of sy—

9.7.1 nie ongemotiveerd verkleineer, belaster of andersins slegmaak nie;

9.7.2 nie roekeloos bewerings of aantygings maak wat nie deur die inligting wat aan hom of haar verstrek is, gestaaf word nie.

9.8 ’n Regspraktisyn wat opdrag gekry het om ’n dokument op te stel waarin die redes verwoord word waarop ’n entiteit of ’n persoon steun wie se beslissing hersien of aan administratiewe appèl onderwerp word, moet die redes volgens die opdrag nougeset weergee en nie die betekenis daarvan verdraai deur die formulering of deur die byvoeging of weglating van bykomstige materiaal nie.

9.9 ’n Regspraktisyn moet, wanneer hy of sy adviseer oor die kanse op sukses in ’n saak, sy of haar ware mening gee en nie toegee aan ’n kliënt se giere en begeertes nie. In enige saak waarin die regspraktisyn se mening egter ongunstig is wat die vooruitsig op sukses betref, kan die regspraktisyn op aandrang van die kliënt die kliënt se saak aan ’n hof voorlê sodat die regsprekende beampte die saak kan beslis en die regspraktisyn moet daardie saak na sy of haar beste vermoë voer.[5]

9.10 ’n Regspraktisyn mag nie sy of haar posisie van invloed op sy of haar kliënt misbruik deur onbehoorlike druk op die kliënt uit te oefen—

9.10.1 om skuldig te pleit of op ’n mindere aanklag skuldig te pleit nie;

9.10.2 om ’n skikking in ’n aangeleentheid te aanvaar nie.

10. Geskille oor gelde in nielitigasieaangeleenthede

10.1 ’n Geskil oor die *quantum* of die tarief van gelde wat ’n regspraktisyn vra, of oor werk verrig deur en die waarde ontvang van ’n regspraktisyn met betrekking tot

[5] “na sy of haar beste vermoë voer” is ’n aanname, aangesien die sin in die Engelse Kode soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 42337 van 29 Maart 2019 onvolledig is.

nielitigasieaangeleenthede moet onderwerp word aan ŉ geldeondersoek gedoen deur ŉ gemagtigde substruktuur van die Raad.

10.2 ŉ Onus rus op die regspraktisyn om die redelikheid van die gelde gevra te regverdig en te regverdig dat die werk waarvoor die gelde gevra is, wel gedoen is en dat dit redelikerwys nodig was om te doen, of dat die werk op versoek van die kliënt of die opdraggewende prokureur gedoen is, na gelang van die geval.

DEEL III
Gedrag van prokureurs

11. Algemeen

11.1 Tensy anders vermeld of uit die samehang anders blyk, is Deel III van hierdie Kode van toepassing slegs op prokureurs, kandidaatprokureurs en regsentiteite wat in private praktyk is (wat vir doeleindes van hierdie Kode almal **"prokureurs"** genoem word, tensy uit die samehang anders blyk). Indien Deel III strydig met die bepalings van Deel II is, gaan die bepalings van Deel II voor en geniet dit voorrang bo die bepalings van Deel III.

11.2 Deel III van hierdie Kode is van toepassing op die professionele gedrag van prokureurs.

12. Deel van gelde

12.1 ŉ Prokureur of ŉ firma mag nie regstreeks of onregstreeks ŉ uitdruklike of stilswyende ooreenkoms, reëling of werkskema of ŉ vennootskap (uitdruklik, stilswyend of deur gedrag) aangaan nie waarvan die resultaat of potensiële resultaat is om vir hom of haar of die firma die voordeel te verseker van professionele werk wat, vir vergoeding hetsy in geld of goedere, aangevra is deur ŉ persoon wat nie ŉ prokureur is nie; maar hierdie verbod beperk op generlei wyse *bona fide*- en behoorlike bemarkingsaktiwiteite nie.

12.2 ŉ Prokureur moet die Raad, binne sewe dae nadat dit aangevra is, voorsien van ŉ beëdigde verklaring wat die teenwoordigheid en taak of pos verduidelik van ŉ werknemer en die wyse of vorm van besoldiging wat daardie werknemer verdien, of wat soortgelyke inligting bevat met betrekking tot ŉ persoon wat nie ŉ prokureur is nie maar skynbaar met die prokureur se praktyk geassosieer word of wat gedurig of herhaaldelik in of by die prokureur se kantoor of in die omtrek daarvan is.

12.3 ŉ Prokureur mag hom of haar nie voordoen as sou hy of sy as ŉ prokureur praktiseer terwyl hy of sy in diens is van ŉ persoon wat nie ŉ prokureur is nie, behalwe soos toegelaat by artikel 34 van die Wet.

13. Deel van kantore

'n Prokureur, behalwe 'n prokureur bedoel in artikel 34(5)*(c)*, *(d)* en *(e)* van die Wet, mag nie sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Raad kantore deel met iemand wat nie 'n prokureur of 'n werknemer van 'n prokureur is nie.

14. Betaling van kommissie

'n Prokureur of firma mag nie regstreeks of onregstreeks agentekommissie vroeër betaal as die datum waarop die kommissie verskuldig en betaalbaar is nie, behalwe uit fondse verskaf deur die persoon wat vir sodanige kommissie aanspreeklik is en op uitdruklike gesag van daardie persoon.

15. Benoeming van vennote en praktyk

15.1 Behoudens paragraaf 15.4 moet 'n prokureur sy of haar naam verstrek op enige briefhoof wat vir die praktyk gebruik word, en in die geval van—

15.1.1 'n vennootskap, die name van al die vennote; of

15.1.2 'n regsentiteit, die name van al die direkteure,

en indien 'n prokureur as 'n notaris of as 'n transportbesorger toegelaat is, mag hy of sy daardie feit op die briefhoof van sy of haar firma verstrek.

15.2 'n Prokureur wat op sy of haar briefhoof of in ander publikasies die naam verstrek van enigiemand wat deur hom of haar of sy of haar firma in enige hoedanigheid in diens geneem is, moet duidelik aandui of sodanige persoon 'n prokureur of sy of haar vennoot of mededirekteur is, al dan nie: Met dien verstande dat sodanige aanduiding, indien die toestemming van die Raad nie [vir iets anders] vooraf verkry is nie, moet geskied deur een of meer van die volgende uitdrukkings en geen ander nie:

15.2.1 Indien sodanige persoon 'n prokureur is: "konsultant", "senior assosiaat", "assosiaat", "professionele assistent" of "bygestaan deur";

15.2.2 indien sodanige persoon nie 'n prokureur is nie: "kandidaatprokureur" of, in die geval van beroepslui op ander terreine as die reg, sodanige beroepstatus as wat gepas is, of in die geval van bestuurswerknemers, die beskrywende bestuurstitel.

15.3 'n Prokureur in private praktyk moet slegs onder 'n beskrywing of naam praktiseer wat—

15.3.1 sy of haar eie naam of die naam van 'n voormalige eienaar van of vennoot of direkteur in daardie praktyk is, indien hy of sy sonder vennote praktiseer; of

15.3.2 die name bevat van enige van of al die huidige vennote of direkteure of voormalige vennote of direkteure daardie firma, indien hy of sy in 'n vennootskap of as 'n regsentiteit praktiseer; of

15.3.3 ’n afleiding van ’n naam bedoel in paragraaf 15.3.1 of 15.3.2 is, of die naam is van ’n nasionale of internasionale regspraktyk waarvan die prokureur ’n werknemer is of waarmee die prokureur of sy of haar firma geassosieer is of waarvan hy of sy of sy of haar firma deel uitmaak, tensy die Raad in die bepaalde geval die gebruik van daardie naam verbied; of

15.3.4 die Raad vooraf skriftelik goedgekeur het, in die geval van enige ander naam.

15.4 Ondanks die bepalings van paragraaf 15.1 is dit voldoende nakoming van daardie reël—

15.4.1 in die geval van ’n vennootskap van meer as twintig vennote, indien die name van die senior vennoot en besturende vennoot (en, in die geval van ’n takkantoor, die name van die senior vennoot van die vennootskap en die besturende vennoot van die tak) op die briefhoof verstrek word, mits die briefhoof ’n aantekening bevat wat die adres verstrek waar die name van al die vennote ter insae beskikbaar is;

15.4.2 in die geval van ’n regsentiteit, indien die name van die direkteure verstrek word op dieselfde wyse as waarop die name van vennote in ’n vennootskap verstrek word, asof die direkteure vennote is.

16. Beantwoording van kommunikasies

’n Prokureur—

16.1 moet binne redelike tyd alle kommunikasies beantwoord wat ’n antwoord verg, tensy daar goeie gronde is om ’n antwoord te weier;

16.2 moet tydig en volledig reageer op versoeke deur die Raad om inligting en/of dokumente wat hy of sy kan verskaf;

16.3 moet tydig opdragte van die Raad nakom; en

16.4 moet hom of haar daarvan weerhou om enigiets te doen wat die vermoë van die Raad om sy werksaamhede te verrig sal kortwiek.

17. Benaming in koop- of vervreemdingsakte

’n Prokureur mag nie kragtens ’n koop- of vervreemdingsakte van onroerende goed optree waarin die prokureur se naam of die naam van die prokureur se firma vooraf as die oordragprokureur gedruk of gedupliseer is nie. Hierdie verbod is egter nie van toepassing nie indien ’n afsonderlike skriftelike opdrag aan die prokureur gegee is voordat die koop- of vervreemdingsakte geteken word of voordat ’n ooreenkoms in opdrag van die kliënt deur die prokureur opgestel word.

18. Spesifieke bepalings met betrekking tot die gedrag van prokureurs

'n Prokureur—

18.1 moet hom of haar daarvan weerhou om regstreeks of onregstreeks van enige persoon enige som geld of finansiële vergoeding te ontvang wat volgens ooreenkoms of bedoeling gebruik moet word as betaling of gedeeltelike betaling vir dienste wat in die toekoms gelewer moet word, of vir uitbetalings wat in die toekoms gemaak moet word in die geval van 'n toekomstige handeling of versuim wat die grondslag uitmaak van 'n strafregtelike aanklag teen die persoon deur of ten behoewe van wie sodanige betaling gemaak is;

18.2 moet 'n kwitansie uitmaak vir enige gelde ontvang en, op versoek, aan die persoon wat die betaling maak, oorhandig of andersins lewer;

18.3 moet behoorlike beheer en toesig oor sy of haar personeel en kantore uitoefen;

18.4 mag nie sy of haar praktyk opgee nie;

18.5 mag nie sy of haar praktyk sluit nie sonder om vooraf skriftelik aan die Raad en sy of haar kliënte kennis te gee en sonder om reëlings met die kliënte te tref vir die afhandeling van hulle sake of die versorging van hulle eiendom in sy of haar besit of onder sy of haar beheer;

18.6 moet, indien hy of sy as alleenpraktisyn praktiseer en voornemens is om vir 'n tydperk van meer 30 opeenvolgende dae van sy of haar praktyk afwesig te wees, minstens 14 dae voor sy of haar vertrek die Raad skriftelik verwittig van die reëlings wat hy of sy getref het vir toesig oor sy of haar praktyk tydens sy of haar afwesigheid, en slegs in 'n dringende geval mag die prokureur korter kennis aan die Raad gee, in welke kennisgewing die prokureur die Raad moet verwittig van—

18.6.1 watter ander prokureur toesig oor sy of haar praktyk sal hou;

18.6.2 die omvang van die toesig wat die ander prokureur sal uitoefen;

18.6.3 watter reëlings hy of sy getref het vir die betaling van sake- en trustkrediteure: en

18.6.4 die rede vir laat kennisgewing, indien van toepassing,

en hierdie paragraaf 18.6 is ook van toepassing op prokureurs wat as vennote of direkteure van 'n firma praktiseer waarvan al die vennote of direkteure voornemens is om tegelykertyd van die firma afwesig te wees vir 'n tydperk van meer as 30 opeenvolgende dae;

18.7 mag nie 'n kliënt kul of die skuldenaar van 'n kliënt te veel vra, of gelde vra wat, met inagneming omstandighede van die aangeleentheid, onredelik hoog is nie; en enige geskille oor die *quantum* of tarief van gelde gevra deur 'n prokureur of vir werk gedoen deur en waarde gekry van 'n prokureur word onderwerp aan 'n geldeondersoek deur die Raad of 'n gemagtigde substruktuur van die Raad, en daar rus 'n onus op die prokureur om die redelikheid van die gelde gevra te regverdig, en om aan te toon dat die werk waarvoor gelde gevra is, wel gedoen is en redelikerwys gedoen moes word, of op versoek van die kliënt gedoen is;

18.8 moet 'n rekening indien vir taksasie of aanslag, na gelang van die geval, binne 'n redelike tyd nadat dit deur die Raad, die kliënt of die persoon wat vir die betaling van die gelde aanspreeklik heet te wees, versoek is;

18.9 mag nie handel in oorleg met 'n organisasie of persoon wie se bedryf dit is of gedeeltelik is om opdragte vir die prokureur te werf nie;

18.10 mag nie opdragte van 'n derde party koop nie en mag nie regstreeks of onregstreeks 'n derde party betaal of beloon of enige ander teenprestasie gee vir die verwysing van kliënt nie, behalwe 'n toelae op gelde aan 'n prokureur vir die verwysing van werk;

18.11 moet die dienste van 'n derde party (met inbegrip van dienste wat die insameling van inligting ten doel het) slegs gebruik indien die prokureur 'n *bona fide*-verhouding tussen prokureur en kliënt met daardie kliënt gevestig het, en wel sodanig dat—

18.11.1 dit die kliënt vrystaan om te kies om die dienste van die derde party te gebruik, al dan nie;

18.11.2 die prokureur behoorlike opdrag regstreeks van die kliënt ontvang; en

18.11.3 die prokureur gemagtig is om die derde party op koste van die kliënt aan te stel, in welke geval die prokureur aan 'n derde party wat na die mening van die prokureur bevoeg is om spesifieke werk te doen, die nodige opdrag kan gee, en die prokureur kan namens die kliënt die derde party billike en redelike gelde betaal in ooreenstemming met die waarde van die werk werklik deur die derde party gedoen;

18.12 moet, indien hy of sy van die dienste van 'n derde party gebruik maak, aan die kliënt 'n rekening lewer wat die betaling aan die derde party as 'n uitbetaling toon;

18.13 mag nie 'n mandaat aanvaar nie—

18.13.1 wetende dat daar 'n bestaande mandaat is, of dat 'n nuwe mandaat aan 'n ander prokureur gegee is sonder dat die implikasies daarvan, met inbegrip van die koste-implikasies, aan die kliënt verduidelik is;

18.13.2 in 'n aangeleentheid wat op 'n gebeurlikheidsgrondslag aangeneem is, indien hy of sy weet, of redelikerwys behoort te weet, dat daar geen goeie gronde was vir die potensiële kliënt om die bestaande mandaat te beëindig nie;

18.14 moet professionele werk of werk van 'n tipe wat gewoonlik deur 'n prokureur verrig word, met sodanige mate van vaardigheid, sorg en aandag doen of van sodanige gehalte of standaard lewer as wat redelikerwys van 'n prokureur verwag kan word;

18.15 mag nie in enige kommunikasie namens 'n kliënt met enige ander persoon—

18.15.1 aan daardie persoon voorgee dat iets waar is nie terwyl die prokureur weet, of redelikerwys behoort te weet, of redelikerwys meen, dat dit onwaar is; of

18.15.2 ’n stelling maak wat bereken is om daardie ander persoon te mislei of te intimideer en wat wesenlik die legitieme handhawing van die regte of aanspraak van die prokureur se kliënt oorskry nie; of

18.15.3 dreig om strafregtelike verrigtinge in te stel teen enige ander persoon nie indien daardie persoon versuim om aan ’n konkurrente siviele verpligting teenoor die prokureur se kliënt te voldoen; of

18.15.4 die betaling van enige koste aan die prokureur eis by afwesigheid van ’n bestaande verpligting verskuldig deur die persoon aan die prokureur se kliënt nie;

18.16 moet aanwesig of onmiddellik toeganklik wees gedurende konsultasie met ’n advokaat of ’n prokureur wat as advokaat optree, of in ’n hof wanneer ’n saak aangehoor word (buiten ’n onbestrede aansoek) waarin hy of sy die prokureur in die saak is, hetsy persoonlik of deur ’n vennoot of werknemer wat ’n prokureur of kandidaatprokureur is;

18.17 moet al sodanige stappe doen as wat van tyd tot tyd nodig is om te alle tye as verantwoordingspligtige instelling voldoening te verseker aan die vereistes van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001;

18.18 moet tydig ooreenkomstig enige kontraktuele bepalings of, by afwesigheid van kontraktuele bepalings, ooreenkomstig die standaardbetalingsvoorwaardes, die redelike koste betaal van enige regspraktisyn, hetsy ’n advokaat of ’n prokureur, wat hy of sy opdrag gegee het om regsdienste aan of ten behoewe van ’n kliënt te lewer; en sodanige aanspreeklikheid strek tot by elke vennoot van ’n firma of elke lid van ’n geïnkorporeerde praktyk, en indien die firma ontbind word of die geïnkorporeerde praktyk gelikwideer word, duur die aanspreeklikheid van elke vennoot of lid, na gelang van die geval, voort, betaling deur een die ander vry te stel;

18.19 moet gepas geklee wees wanneer hy of sy dienste aan of namens ’n kliënt lewer;

18.20 mag nie ’n takkantoor hê nie, tensy daardie kantoor, te alle tye wanneer praktyk daar gevoer word, onder doeltreffende toesig van ’n praktiserende prokureur is, en die beslissing van die Raad oor of ’n takkantoor onder doeltreffende toesig is, al dan nie, is bindend vir die prokureur en, indien dit negatief is, maak dit die Raad daarop geregtig om te gelas dat die aangeleentheid reggestel word of dat die takkantoor gesluit word;

18.21 moet, indien hy of sy ’n aanstelling as waarnemende regter aanvaar, voldoen aan die gedragskode wat op regters van toepassing is;

18.22 mag nie professionele werk werf nie, en ’n prokureur word geag aan sodanige werwing skuldig te wees indien hy of sy persoonlik of deur die agentskap van ’n ander professionele werk op ’n onbehoorlike of onprofessionele wyse of deur onbillike of onetiese metodes verkry of poog te verkry of opneem, wat vir doeleindes van hierdie reël die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

18.22.1 Die betaling van geld of die aanbied van enige geldelike vergoeding of ’n ander aansporingsmiddel van watter aard ook al, regstreeks of onregstreeks, aan enige persoon in ruil daarvoor dat professionele werk na die prokureur verwys word; of

18.22.2 regstreekse of onregstreekse deelname aan ’n reëling of skema wat daartoe lei, of bereken is om daartoe te lei, dat die prokureur professionele werk bekom wat deur ’n derde party gewerf is,

en vir doeleindes van hierdie reël 18.22 beteken **“professionele werk”**, bykomend by werk wat by wet of by regulasie afgekondig kragtens enige regsvoorskrif slegs deur ’n prokureur gedoen mag word, sodanige ander werk as wat na regte en gewoonlik deur ’n prokureur verrig word of wat met die praktyk van ’n prokureur geassosieer word.

19. *Pro bono*-opdragte

19.1 ’n Prokureur wat *pro bono*-opdragte aanvaar, mag nie ná die aanvaarding poog om gelde te vra nie, behalwe soos veroorloof by artikel 92 van die Wet.

19.2 Prokureurs wat *pro bono* in hofverrigtinge verskyn, moet daardie feit aan alle belanghebbende partye en aan die hof bekendmaak.

20. Opdragte wat hofverskyning vereis

20.1 Die bepalings van paragrawe 28.1, 28.4, 28.5, 28.6, 28.8, 28.9, 28.10, 28.11, 28.12 en 28.13 van hierdie Kode met betrekking tot die aanvaarding van opdragte deur advokate is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op prokureurs wat opdragte ontvang om in die hof te verskyn.

20.2 ’n Prokureur wat ’n opdrag aanvaar om ten behoewe van ’n kliënt in die hof te verskyn, mag nie uit die onderneming om die opdrag uit te voer terugtree ten einde ’n ander opdrag wat later aangebied is, te behartig nie, behalwe op goeie gronde, wat geag word aanwesig te wees in enigeen van die volgende omstandighede:

20.2.1 Die belang van geregtigheid sal andersins aangetas word;

20.2.2 die opdraggewende kliënte van sowel die aanvanklik aangebode opdrag as die later aangebode opdrag kom skriftelik ooreen om die prokureur van die eerste opdrag vry te stel.

20.3 Indien ’n prokureur ’n opdrag aanvaar het om ten behoewe van ’n kliënt in die hof te verskyn en omstandighede daarna ontstaan wat die behoorlike vervulling van sy of haar sorgvuldigheidsplig in gevaar stel, moet hy of sy, wanneer sodanige gebeurlikheid blyk, veral met betrekking tot verhore, die omstandighede aan die kliënt bekendmaak sodat stappe betyds gedoen kan word om benadeling van die kliënt te beperk en ’n opvolger betyds die opdrag kan oorneem.

21. Wangedrag

Wangedrag deur ’n prokureur sluit in (sonder om die algemeenheid van hierdie reëls te beperk)—

21.1 ’n skending van die Wet of van die Kode of van enige van die reëls, of versuim om te voldoen aan die Wet of die Kode of enige van die reëls waaraan die prokureur verplig is om te voldoen;

21.2 enige gedrag wat redelikerwys as wangedrag aan die kant van die prokureur beskou kan word of wat die prokureursberoep oneer kan aandoen.

Deel IV

Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet

22. Algemeen

22.1 Deel IV van hierdie Kode is van toepassing op en bindend vir elke persoon wat toegelaat en ingeskryf is om in Suid-Afrika as ’n advokaat te praktiseer en wat ’n onafhanklike praktisyn in die advokaatsberoep is soos bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet, in Deel IV van hierdie Kode **“konsultus”** genoem.

22.2 Deel IV van hierdie Kode is van toepassing op die professionele gedrag van ’n konsultus.

22.3 Die uitleg van Deel IV van hierdie Kode moet doeldienend geskied en daarop gerig wees om ten volle uitvoering te gee aan die grondbeginsels wat aan die wese van die advokaatsberoep vorm verleen en rigting en uitdrukking gee, en daardie grondbeginsels is dat—

22.3.1 elke konsultus is ’n onafhanklike praktisyn in die advokaatsberoep is wat die oppergesag van die reg nastreef, wat enige onbehoorlike beïnvloeding deur enigiemand sal weerstaan en wie se spesialisdienste tot beskikking is van almal, en veral behoeftiges, ongeag enige minagting waarmee mense wat die dienste van ’n konsultus nodig het, ook al deur andere bejeën word;

22.3.2 elke konsultus begryp dat die advokaatsberoep primêr ’n roeping is en die openbare belang dien, en erken daarom sy of haar vertrouensverpligtinge teenoor die howe, kliënte en alle professionele kollegas.

23. Die aard van werk gedoen deur konsultusse

23.1 Elke konsultus onderneem om professionele regsdienste teen redelike vergoeding te lewer.

23.2 Daar is geen geslote lys van onderwerpe in verband waarmee 'n konsultus 'n opdrag mag aanvaar nie, mits die opdrag nie van daardie advokaat verwag om werk te doen wat eintlik dié van 'n prokureur is nie, en in die besonder kan 'n konsultus 'n opdrag aanvaar—

23.2.1 om regsadvies mondeling of in 'n skriftelike opinie te gee;

23.2.2 om enige dokumente op te stel wat vir gebruik in 'n hof of arbitrasie of enige ander beregtingsverrigtinge nodig is;

[**Redaksionele nota:** Nommering volgens die oorspronklike *Staatskoerant.*]

23.2.4 om 'n aansoek te beredeneer;

23.2.5 om 'n appèl te beredeneer;

23.2.6 om 'n onbestrede saak deur te voer;

23.2.7 om in 'n verhoor of in arbitrasieverrigtinge of in enige ander beslissinggewende forum te verskyn;

23.2.8 om namens 'n kliënt te onderhandel;

23.2.9 om 'n saak te skik, hetsy op verhoor of andersins;

23.2.10 om 'n taksasieaangeleentheid voor 'n takseermeester te beredeneer;

23.2.11 om vertoë tot die Nasionale Vervolgingsgesag te rig oor die vraag of 'n persoon van 'n strafregtelike misdryf aangekla moet word, al dan nie;

23.2.12 om 'n strafregtelike vervolging namens die Staat te onderneem, of namens 'n private aanklaer of as 'n private aanklaer;

23.2.13 om as 'n arbiter voor te sit, of om as voorsitter van 'n tugondersoek of as voorsittende beampte in enige ander adversatiewe verrigtinge op te tree, of om enige inkwisitoriese verrigtinge te lei;

23.2.14 om as 'n deskundige of as 'n skeidsregter op te tree;

23.2.15 om as 'n bemiddelaar, fasiliteerder of beregter op te tree;

23.2.16 om 'n ondersoek te doen en 'n verslag met aanbevelings uit te bring met betrekking tot die feite wat daarin bevind is en aanbevelings oor toekomstige optrede te doen;

23.2.17 om as 'n *curator ad litem* op te tree;

23.2.18 om vertoë tot 'n statutêre of vrywilligerliggaam of 'n staatsamptenaar te rig;

23.2.19 om as 'n kommissaris in enige ondersoek te dien.

23.3 'n Konsultus moet voldoen aan hierdie Gedragsreëls en moet, wanneer hulle opdrag ontvang om namens die Staat 'n vervolging lei, die gedragsreëls wat op aanklaers van toepassing is en deur die Nasionale Vervolgingsgesag uitgereik word, en indien daar enige teenstrydigheid tussen die twee stelle reëls ontstaan, gaan hierdie Gedragsreëls voor.

24. Konsultus se toewyding aan die advokaatspraktyk

24.1 Elke konsultus moet hom of haar in die algemeen toewy aan die advokaatspraktyk, en te dien einde nie by enige ander beroep of werksaamheid betrokke raak wat waarskynlik sy of haar vermoë om sy of haar werk met betrekking tot opdragte in die gedrang sal bring of sy of haar aansien in die advokaatsberoep sal verlaag of die aansien van die advokaatsberoep self nadelig sal raak nie.
24.2 'n Konsultus mag nie in sy of haar professionele hoedanigheid op enige wyse betrokke raak by enige verhouding of reëling wat ooreenkomste met 'n vennootskap toon nie.

25. Onafhanklikheid van konsultus

25.1 'n Konsultus moet hom of haar by die bevordering van die kliënt se saak weerhou van enige gedrag wat kan meebring dat daardie advokaat nie in die beste belang van die kliënt optree nie, en te dien einde moet die konsultus die kliënt se saak vreesloos voer en hom of haar nie laat afskrik deur 'n dreigement of die vooruitsig van nadelige gevolge vir hom of haar of enige ander persoon nie.
25.2 'n Konsultus moet sonder voorbehoud die regte van die kliënt laat geld en dit verdedig, in die besonder om die kliënt se vryheid na daardie advokaat se beste vermoë en binne wettige perke te beskerm.
25.3 'n Konsultus moet, wanneer hy of sy 'n opdrag aanvaar, alle aspekte van die opdrag persoonlik beoordeel en mag niemand toelaat om hom of haar voor te sê hoe die saak gevoer moet word nie. Indien die besluite geneem of die advies gegee deur die konsultus nie vir die opdraggewende prokureur aanneemlik is nie, moet daardie advokaat aanbied om die opdrag prys te gee, en indien die opdraggewende prokureur verkies om die prysgawe te aanvaar, moet die advokaat hom of haar onverwyld onttrek.
25.4 'n Konsultus mag nie in 'n hoër hof verskyn sonder dat sy of haar opdraggewende prokureur of die opdraggewende prokureur se kandidaatprokureur of ander verteenwoordiger ook aanwesig is nie, behalwe soos hier onder bepaal.
25.5 'n Konsultus mag in 'n aangeleentheid voor 'n hof of tribunaal van enige aard verskyn sonder die aanwesigheid van die opdraggewende prokureur of die opdraggewende prokureur se kandidaatprokureur of ander verteenwoordiger indien die opdraggewende prokureur of 'n vennoot of werknemer (wat 'n prokureur of kandidaatprokureur is) van die opdraggewende prokureur te alle tye onmiddellik vir die daardie advokaat toeganklik is.
25.6 'n Konsultus mag nie 'n bindende skikking in enige aangeleentheid bewerkstellig sonder die uitdruklike en spesifieke mandaat van die opdraggewende prokureur met betrekking tot die bedinge en voorwaardes van 'n skikkingsooreenkoms nie.
25.7 'n Konsultus konsulteer gewoonlik met opdraggewende prokureurs, kliënte en getuies by daardie konsultus se kamers.

25.8 In omstandighede wat redelikerwys daarop dui dat konsultasies nie gerieflik by die konsultus se kamers gehou kan word nie, het daardie advokaat die diskresie om op 'n ander plek te konsulteer wat in die omstandighede geskik is, welke plek die huis van die betrokke advokaat of die kantore van die opdraggewende prokureur of die kantore van die kliënt kan insluit, met dien verstande dat indien dit gedoen word, die konsultus daarteen moet waak dat sy of haar onafhanklike status in die gedrang gebring word, en sulke omstandighede kan die volgende insluit:

25.8.1 Wanneer groot getalle dokumente wat noukeurig ondersoek moet word, nie prakties geakkommodeer kan word in of vervoer kan word na die konsultus se kamers nie;

25.8.2 wanneer met 'n groot aantal getuies onderhoude gevoer moet word en dit geriefliker is om op 'n plek te vergader waar hulle gerieflik byeen kan kom;

25.8.3 wanneer konsultasies nauurs of oor naweke moet plaasvind;

25.8.4 wanneer die persone met wie onderhoude gevoer moet word, op plekke ver van die konsultus se kamers is;

25.8.5 wanneer die konsultus moet verskyn in verrigtinge wat op 'n ander plek as daardie advokaat se tuissentrum plaasvind.

26. Aanvaarding van opdragte en die toepassing van die "cab-rank"-reël (die ervaring-en-spesialiseringsreël)

26.1 Dit staan 'n konsultus vry om die praktykgebiede waarop hulle advokaatsopdragte wil ontvang, en die howe waarin hulle wil verskyn, te beperk en te verklaar dat hulle op sodanige beperkte gebiede en in sodanige howe praktiseer. By afwesigheid van 'n uitdruklike verklaring dat hy of sy slegs op beperkte gebiede en in beperkte howe praktiseer, word 'n konsultus geag te verklaar dat hy of sy op alle gebiede en in alle howe praktiseer.

26.2 'n Konsultus mag nie, op grond daarvan dat hy of sy 'n ongunstige opinie van die kliënt het of die kliënt se menings of beweerde gedrag afkeur of omdat die kliënt moontlik geminag word, weier om opdragte te aanvaar op 'n praktykgebied waarop hy of sy verklaar het dat hy of sy praktiseer of te verskyn in 'n hof waarin hy of sy verklaar het dat hy of sy praktiseer nie.

26.3 'n Konsultus moet, tensy hy of sy redelikerwys meen dat hy of sy nie professioneel bevoeg is om dit te doen nie, die aanbod aanvaar van 'n opdrag om iemand te verdedig wat van strafregtelike misdrywe aangekla is, en moet enige gedrag vermy wat daarop gemik is om die aanvaarding van so 'n opdrag op enige gronde te verhinder of te ontmoedig, veral indien die gronde behels dat sodanige beskuldigde persoon of die saak waarmee die beskuldigde persoon geassosieer word, deur enigiemand geringgeskat word.

26.4 ’n Konsultus mag ’n aanbod van ’n opdrag van die hand wys in ’n aangeleentheid waarin hy of sy meen dat hy of sy nie bevoeg is om in daardie aangeleentheid professionele dienste van die gepaste standaard wat redelikerwys van ’n so ’n advokaat verwag word, te lewer of dat hy of sy nie sy of haar sorgvuldigheidsplig sal kan nakom nie, en wanneer so ’n aanbod van die hand gewys word, moet daardie advokaat die redes aan die opdraggewende prokureur verstrek.

26.5 ’n Konsultus kan die aanbod van ’n opdrag van die hand wys indien ooreenkoms tussen daardie konsultus en die opdraggewende prokureur oor die gelde wat die advokaat gaan vra, nie bereik kan word nie: Met dien verstande dat die gelde wat die konsultus voorstel, voldoen aan die norm van redelike gelde, soos beoog in paragraaf 29 van die Kode.

26.6 ’n Konsultus moet, wanneer hy of sy daarop attent gemaak word dat die voorsittende beampte van ’n hof of ander beregtingsliggaam ’n lid van daardie konsultus se familie is of ’n ander persoon is met wie daardie advokaat ’n noue persoonlike verbintenis het, daardie feit aan die opdraggewende prokureur en aan die konsultus van die teenparty bekendmaak.

26.7 ’n Konsultus moet, wanneer hy of sy daarop attent gemaak word dat ’n familielid of iemand anders met wie daardie konsultus ’n noue persoonlike verbintenis het, die konsultus van die teenparty is of ’n prokureur in die teenparty se prokureursfirma is, die opdraggewende prokureur van daarvan in kennis stel.

26.8 ’n Konsultus kan voortgaan om in siviele aangeleenthede op te tree al is ’n familielid of ander persoon met wie daardie advokaat ’n noue verbintenis het, die voorsittende beampte in die aangeleentheid: Met dien verstande dat geeneen van die partye, nadat hulle daarvan in kennis gestel is, ’n beswaar daarteen opper nie. Indien ’n beswaar geopper word, moet die konsultus hom of haar onttrek, of die partye moet gesamentlik die rekusering van die voorsittende beampte versoek en verkry.

26.9 ’n Konsultus mag nie in ’n strafverhoor, ongeag of hy of sy vir die Staat of vir die verdediging optree, voor ’n hof verskyn waarvan ’n lid van sy of haar familie of ’n persoon met wie hy of sy ’n noue verbintenis het, die voorsittende beampte is nie.

26.10 ’n Konsultus kan weier om ’n opdrag te aanvaar indien—

26.10.1 hy of sy ’n senior consultus is en die aard van die opdrag en die gepaardgaande werk nie redelikerwys die aanstelling van ’n senior consultus verg nie;

26.10.2 die skaal en duur van die werk wat betrokke sal wees indien die opdrag aanvaar word, sodanig is dat die konsultus op redelike gronde besorg is dat die aanvaarding van die opdrag sy of haar praktyk of ander professionele of persoonlike verpligtinge sal benadeel;

26.10.3 die konsultus redelikerwys vermoed dat die opdraggewende prokureur waarskynlik nie die verskuldigde gelde betyds of hoegenaamd sal betaal nie.

27. Aanvaarding van opdragte: die verwysingsreël

27.1 'n Konsultus onderneem om professionele regsdienste volgens hofpraktyk en met kennis van die reg te lewer slegs indien 'n opdrag van 'n prokureur aangebied en aanvaar word.

27.2 'n Konsultus mag slegs van 'n prokureur 'n opdrag aanvaar en nie regstreeks van enige ander persoon of entiteit nie, hetsy vir hofwerk of vir niehofwerk van enige aard, maar 'n konsultus mag wel 'n opdrag aanvaar—

27.2.1 van 'n regsentrum;

27.2.2 om professionele dienste te lewer in opdrag van 'n prokureur of regspraktisyn in 'n ander land, met inbegrip van die ekwivalent van 'n staatsprokureur of die prokureur-generaal of die direkteur van nasionale vervolgings, sonder die tussenkoms van 'n Suid-Afrikaanse prokureur.

27.3 'n Konsultus wat as 'n arbiter of skeidsregter optree, mag dit slegs ná ontvangs van 'n opdrag van die partye se prokureurs doen, of ná ontvangs van instruksies van 'n arbitrasieliggaam.

27.4 'n Konsultus ontvang die gelde wat hy of sy vra, slegs van of deur die opdraggewende prokureur wat die opdrag aan die konsultus gegee het, behalwe indien sodanige prokureur weens insolvensie of om enige ander rede nie in staat is om te betaal nie, in welke geval daardie konsultus, met verlof van die betrokke provinsiale raad, die gelde verskuldig uit 'n ander bron mag ontvang ter vereffening van die skuld van die prokureur.

28. Aanvaarding van opdragte: Geïmpliseerde onderneming van sorgvuldigheid

28.1 'n Konsultus aanvaar gewoonlik slegs 'n opdrag wat skriftelik of per e-pos gegee word, maar in omstandighede van dringendheid kan hy of sy 'n mondelinge opdrag aanvaar, in welke geval hy of sy dan daarop moet aandring dat 'n skriftelike opdrag of 'n opdrag per e-pos so gou doenlik aan hom of haar verstrek word, by gebreke waarvan hy of sy skriftelik of per e-pos die bepalings van die mondelinge opdrag moet bevestig.

28.2 'n Konsultus mag nie nadat 'n opdrag aanvaar is, uit die onderneming om die opdrag uit te voer terugtree ten einde 'n ander opdrag wat later aangebied is, te behartig nie, behalwe op goeie gronde, wat geag word aanwesig te wees in enigeen van die volgende omstandighede:

28.2.1 Die belang van geregtigheid sal andersins aangetas word;

28.2.2 die opdraggewende prokureurs van sowel die aanvanklik aangebode opdrag as die later aangebode opdrag kom skriftelik ooreen om die advokaat van die eerste opdrag vry te stel.

28.3 ’n Konsultus mag nie ’n opdrag aan ’n ander konsultus oorgee sonder dat daar vooraf uitdruklik daaroor met die opdraggewende prokureur ooreengekom is nie.

28.4 ’n Konsultus moet persoonlik al die werk behartig wat betrokke is by die opdragte wat deur hom of haar aanvaar is, behalwe as die opdrag aan ’n leier-konsultus en een of meer junior konsultusse gesamentlik gegee is en behoudens die lank gevestigde gebruik om ’n hulp (“devil”) aan te stel, waarvolgens ’n konsultus, by ooreenkoms met ’n ander konsultus, laasgenoemde navorsingswerk oor ’n bepaalde opdrag laat doen in ruil vir gelde waarop daardie advokate onderling ooreenkom en wat deur die advokaat wat opdrag aanvaar het, betaal word: Met dien verstande dat dit nie in ’n permanente reëling soortgelyk aan indiensneming van die een konsultus deur die ander omgeskakel word nie.

28.5 Ná aanvaarding van ’n opdrag moet die konsultus die nodige werk na sy of haar beste vermoë doen in ooreenstemming met sy of haar senioriteit en toepaslike ervaring, en—

28.5.1 by aanvaarding van ’n verhooropdrag gee daardie advokaat stilswyend te kenne dat hy hom of sy haar behoorlik daartoe verbind om vir die duur van die verhoor beskikbaar te bly sonder om daardie verbintenis in die gedrang te bring weens vroeër aangegane verpligtinge in ander sake, ongeag of sodanige ander sake ter rolle geplaas is op ’n tyd voor of ná die tydperk wat vir die duur van die verhoor beraam is;

28.5.2 by aanvaarding van ’n opdrag in ’n bestrede aansoek gee die konsultus stilswyend te kenne dat hy hom of sy haar behoorlik daartoe verbind om beskikbaar te bly vir die tydperk waarin daardie bestrede aansoek aangehoor kan word, sonder om daardie verbintenis in die gedrang te bring weens vroeër aangegane verpligtinge in ander sake, ongeag of sodanige ander sake ter rolle geplaas is op ’n tyd voor of ná die tydperk waarin daardie bestrede aansoek aangehoor kan word.

28.6 ’n Konsultus moet ’n aangebode opdrag van die hand wys indien sy of haar ander verpligtinge hom of haar nie redelikerwys toelaat om sy of haar sorgvuldigheidsplig in die voorbereiding van die opdrag na te kom nie. In die besonder mag ’n konsultus nie ’n opdrag aanvaar nie indien redelikerwys voorsien kan word dat—

28.6.1 hy of sy nie in staat sal wees om al die nodige werk binne redelike tyd te behartig nie;

28.6.2 die risiko bestaan dat hy of sy weens ’n belangebotsing of om enige ander rede hom of haar aan die opdrag sal moet onttrek;

28.6.3 versuim om die opdrag betyds af te handel of onttrekking aan die opdrag waarskynlik tot verleentheid of ongerief vir of benadeling van die opdraggewende prokureur of die kliënt of ’n medekonsultus wat daarna opdrag kry, of die hof sal lei.

28.7 Indien ’n konsultus ’n opdrag in enige aangeleentheid aanvaar het en omstandighede daarna ontstaan wat die behoorlike nakoming van daardie advokaat se sorgvuldigheidsplig in gevaar stel, moet hy of sy, sodra sodanige gebeurlikheid blyk, veral met betrekking tot verhooropdragte, die opdraggewende prokureur van die omstandighede verwittig sodat tydige stappe gedoen kan word om benadeling te beperk en ’n opvolger wat die opdrag kan oorneem, betyds opdrag te gee.

28.8 ’n Konsultus mag nie meer as een verhooropdrag vir dieselfde dag aanvaar nie.

28.9 ’n Konsultus mag nie, indien hy of sy ’n opdrag vir ’n verhoor op ’n bepaalde dag het, ook ’n opdrag aanvaar om in enige ander bestrede aangeleentheid te verskyn nie, behalwe ’n aansoek om verlof tot appèl: Met dien verstande dat sodanige verrigtinge so gereël word dat dit nie met die advokaat se verhooropdrag inmeng nie.

28.10 ’n Konsultus mag vir ’n dag waarvoor hy of sy ’n verhooropdrag het, ’n verdere opdrag aanvaar slegs in verband met ondergenoemde aangeleenthede: Met dien verstande dat die uitvoering van so ’n verdere opdrag nie inmeng met die voer van die saak waarvoor die advokaat die verhooropdrag het nie:

28.10.1 ’n Opdrag om by ’n roep van die hofrol ’n verhoorsaak vir uitstel by ooreenkoms te vermeld;

28.10.2 ’n opdrag om by ’n roep van die hofrol die feit van ’n skikking van ’n verhoorsaak aan te teken en ’n skikkingsooreenkoms in te dien wat ’n bevel van die hof gemaak moet word;

28.10.3 ’n opdrag om vonnis te noteer in ’n saak waarin die konsultus opdrag gehad het om die saak te voer;

28.10.4 ’n opdrag om enige aangeleentheid buite hofure te behartig.

28.11 ’n Konsultus kan, nadat hy of sy vrygestel is van ’n verpligting om in verband met ’n verhoorsaak beskikbaar te bly, enige ander opdrag vir daardie tydperk aanvaar.

28.12 ’n Konsultus moet in die gepaste omstandighede sy of haar kliënt uitdruklik adviseer oor die vooruitsigte van en die beskikbaarheid van geskilbeslegtingsmoontlikhede buiten gedingvoering.

28.13 ’n Konsultus moet by aanvaarding van ’n opdrag redelike stappe doen om vas te stel of verjaring op hande is, al dan nie, en indien wel, die saak so hanteer dat daardie gevolg vermy word.

29. Advokaatsgelde: Die norm van redelike gelde

29.1 ’n Konsultus moet, by die berekening van die gelde betaalbaar vir dienste wat gelewer is of wat gelewer staan te word, in gedagte hou dat die advokaatsberoep in die eerste plek ’n roeping is wat bestem is om die openbare belang te dien, en moet derhalwe slegs redelike gelde vra vir alle werk wat onderneem word.

29.2 ’n Konsultus moet redelike gelde bereken met inagneming van die volgende faktore, waarvan nie een bepalend is nie en wat almal bloot riglyne vir ’n billike berekening is:

29.2.1 Die tyd en werk wat nodig is;

29.2.2 die gebruiklike vorderings deur konsultusse van vergelykbare status vir soortgelyke dienste;

29.2.3 die nuutheid en moeilikheidsgraad van die vraagstukke wat betrokke is;

29.2.4 die vaardigheid en die deskundigheid wat nodig is om die aangeleentheid na behore te hanteer;

29.2.5 die bedrag wat in die saak ter sprake is;

29.2.6 die belangrikheid van die aangeleentheid vir die kliënt.

29.3 ’n Konsultus moet, by die berekening van die gelde, waak teen sowel oorwaardering as onderwaardering van die dienste wat gelewer staan te word.

29.4 ’n Konsultus mag nie, by die berekening van die gelde, die bedrag opdryf omdat die kliënt ruim kan betaal nie.

29.5 ’n Konsultus mag, by die berekening van die gelde, op grond van die kliënt se gebrek aan middele om gelde te betaal, die kliënt ’n kleiner bedrag vra as wat andersins redelik vir die gelewerde dienste sou wees, of geen gelde vra nie.

29.6 By aanvaarding van ’n opdrag moet ’n konsultus, op versoek van die opdraggewende prokureur, besonderhede aan die prokureur verskaf van daardie advokaat se beraming van die gelde wat gehef gaan word. By afhandeling van die werk of werksitem moet die konsultus die opdraggewende prokureur voorsien van die besonderhede van die samestelling van die bedrag van die gelde wat gevra word.

30. Ooreenkomste oor gelde

30.1 Indien ’n prokureur ’n konsultus ’n opdrag aanbied waarop die gelde reeds aangeteken is, stem die konsultus by aanvaarding van die opdrag stilswyend tot daardie gelde in, en indien daardie konsultus verkies om die opdrag op daardie voorwaardes van die hand te wys, moet hy of sy en daardie opdraggewende prokureur skriftelik of per e-pos op ander gelde ooreenkom, maar indien die konsultus die werk verrig wat deur die opdrag gemagtig is, bind die aanvanklik aangetekende gelde hom of haar.

30.2 ’n Konsultus moet, ten tyde van die aanvaarding van ’n opdrag, vir die opdraggewende prokureur die gelde stipuleer wat vir die diens gevra sal word of die daaglikse of uurlikse tarief stipuleer wat by die berekening van die gelde toegepas sal word.

30.3 ’n Konsultus moet ten opsigte van elke opdrag uitdruklik met die opdraggewende prokureur ooreenkom oor die gelde of tarief van gelde wat gevra gaan word, tensy daar ’n stilswyende verstandhouding tussen daardie konsultus en daardie opdraggewende prokureur is oor die gelde of tarief van gelde wat gewoonlik deur die konsultus gevra word vir die bepaalde soort werk wat deur die opdrag gemagtig word.

30.4 ’n Konsultus wat ’n opdrag in omstandighede van dringendheid ontvang wat sodanig is dat ’n ooreenkoms oor gelde of die tarief van gelde nie redelikerwys onmiddellik aangegaan kan word wanneer die opdrag aangebied word nie, moet redelike stappe doen om so gou moontlik daarna op gelde ooreen te kom.

30.5 Indien geen ooreenkoms, om watter rede ook al en ondanks redelike stappe deur die advokaat om ooreenkoms oor die bedrag van gelde of die tarief van gelde te bereik, bereik kan word nie, is die konsultus daarop geregtig om die opdrag van die hand te wys.

30.6 Die volgende standaardbepalings, wat die konsultus onder die aandag van die opdraggewende prokureur moet bring, is stilswyend inbegrepe in ’n opdrag aangebied aan en aanvaar deur ’n konsultus:

30.6.1 Geen bedrag waarop ooreengekom word, mag redelike gelde te bowe gaan nie;

30.6.2 die konsultus kan redelike gelde vra vir ’n gereserveerde beregtingsdatum, tensy die opdraggewende prokureur die konsultus met redelike kennisgewing van die gereserveerde datum vrystel;

30.6.3 ’n konsultus wat gelde vir ’n gereserveerde beregtingsdatum vra, moet aan die opdraggewende prokureur ’n sertifikaat aflewer ten effekte dat daardie konsultus nie enige ander opdrag vir beregting op die gereserveerde datum aanvaar het nie.

30.7 ’n Konsultus kan uitdruklik, skriftelik of per e-pos, ’n ooreenkoms met die opdraggewende prokureur aangaan wat voorsiening vir enige van of al die volgende insluit:

30.7.1 Die gelde, of ’n bepaalde bedrag as dekking vir die advokaatsgelde, moet aan die opdraggewende prokureur betaal word voordat enige verpligting ingevolge die opdrag nagekom word en die prokureur moet die geld in trust hou vir betaling van die konsultus se gelde, behoudens daardie konsultus se nakoming van die opdrag;

30.7.2 spesiale stakingsgelde is aan die konsultus betaalbaar indien verrigtinge in ’n hof of tribunaal waarvoor daardie konsultus op versoek van die opdraggewende prokureur ’n aantal dae opsygesit het, nie soos verwag voortgaan nie, hetsy omdat die aangeleentheid geskik is, by ooreenkoms tussen die partye of by hofbevel uitgestel is, of vroeër afgesluit is as die einde

van die tydperk wat die advokaat daarvoor opsygesit het: Met dien verstande dat die gelde wat werklik gevra word, redelik is.

31. *Pro bono*-opdragte

31.1 'n Konsultus wat *pro bono*-opdragte aanvaar, mag nie nadat so 'n opdrag aanvaar is, poog om gelde te vra nie, behalwe gelde wat kragtens artikel 92 van die Wet toelaatbaar is.

31.2 'n Konsultus wat *pro bono* in verrigtinge verskyn, moet daardie feit aan al die partye en die hof bekendmaak.

32. Verbode geldeooreenkomste

32.1 'n Konsultus mag nie instem om op grond van uitslag gelde te vra of ooreenkom om gelde te verminder of gelde prys te gee indien 'n positiewe uitslag nie verkry word nie, behalwe in sake wat op 'n gebeurlikheidsgrondslag aanvaar is kragtens die Wet op Gebeurlikheidsgelde 66 van 1997 en/of behalwe soos bedoel in artikel 92 van die Wet.

32.2 'n Konsultus mag nie instem om om gelde te vra soos wat by taksasie toegelaat word nie, behalwe in 'n aangeleentheid onderneem op 'n gebeurlikheidsgrondslag of soos toegelaat kragtens artikel 92 van die Wet.

33. Aanvaarding van geskenke deur 'n konsultus

33.1 'n Konsultus moet daarteen waak om sy of haar onafhanklikheid in die gedrang te bring deur die aanvaarding van geskenke van 'n kliënt of 'n prokureur, en wanneer dit ook al nie onvanpas is om 'n geskenk van 'n kliënt te aanvaar nie, moet die konsultus dit deur die tussenkoms van die opdraggewende prokureur ontvang.

33.2 'n Konsultus kan, wanneer geskenke van aansienlike waarde aangebied word, voordat die geskenk aanvaar word, by die Raad of die gemagtigde substruktuur van die Raad advies inwin oor die gepastheid van die aanvaarding daarvan.

34. Merk van opdragte en voorlegging van gelderekeninge

34.1 'n Konsultus moet gelde merk so gou doenlik nadat die bepaalde diens gelewer is en moet maandeliks 'n rekening lewer van al die gelde verskuldig deur elke skuldenaar.

34.2 'n Konsultus moet rekeninge lewer aan die opdraggewende prokureur of arbitrasieliggaam bedoel in paragraaf 27.3 en moet betaling slegs van die opdraggewende prokureur of arbitrasieliggaam ontvang.

34.3 'n Konsultus mag nie 'n rekening regstreeks aan 'n kliënt voorlê nie, behalwe by ooreenkoms met die opdraggewende prokureur en die kliënt en op voorwaarde dat dieselfde rekening tegelykertyd ook aan die opdraggewende prokureur voorgelê word, en mag ook nie betaling regstreeks van 'n kliënt ontvang nie.

34.4 ’n Konsultus moet ’n bankrekening hou waarin alle advokaatsgelde gedeponeer moet word.

34.5 ’n Konsultus moet rekeningrekords, hetsy in fisiese of elektroniese vorm, volledig bygewerk hou en bewaar vir vyf jaar of sodanige langer tydperk as wat enige regsvoorskrif vereis, en dit te alle tye vir die Raad ter insae beskikbaar hê. Sodanige rekords moet noukeurig te boek stel alle aangetekende gelde, opdraggewende prokureurs of ander geakkrediteerde entiteite wat die opdragte gegee het, die aard van die diens gelewer, die datums van nakoming en elke betaling ontvang.

34.6 ’n Konsultus mag nie ’n opdrag merk of op enige wyse in enige rekeningrekord ’n beskrywing van gelde aanteken wat vals of misleidend is wat die ware aard van die opdrag of die dienste gelewer betref nie, in die besonder—

34.6.1 mag ’n opdrag om ’n ooreenkoms te skik ten einde gedingvoering by te lê, nie as ’n verhooropdrag aangeteken word nie;

34.6.2 mag ’n opdrag om ’n skikking te beding nie as ’n verhooropdrag aangeteken word nie.

35. Verhaling deur konsultus van gelde verskuldig en betaalbaar

’n Konsultus mag ’n eis teen ’n prokureur of ’n arbitrasieliggaam instel vir gelde verskuldig en betaalbaar aan hom of haar.

36. Gepaste drag

’n Konsultus moet gepas geklee wees wanneer hy of sy dienste aan of namens ’n kliënt lewer.

37. Versaking van praktyk

37.1 ’n Konsultus mag nie sy of haar praktyk versaak nie.

37.2 ’n Konsultus mag nie sy of haar praktyk sluit sonder kennisgewing vooraf aan die Raad en aan alle prokureurs van wie hy of sy opdrag ontvang het en ten opsigte van wie werk onafgehandel is nie, en sonder om met daardie prokureurs reëlings te tref oor die wyse waarop hul opdragte gehanteer moet word nie.

PART V

Gedrag van advokate bedoel in artikel 34(2)(a)*(ii) van die Wet*

38. Inleiding

38.1 Die gedragsreëls in Deel V van hierdie Kode is van toepassing op en bindend vir elke persoon wat kragtens artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet toegelaat en ingeskryf is om in Suid-

Afrika as advokaat te praktiseer, in hierdie Deel van die Kode 'n **"trustrekeningadvokaat"** genoem.

38.2 Die bepalings van paragrawe 18.1, 18.2, 18.3, 18.10, 18.11, 18.13, 18.15, 18.17 en 18.8, wat op prokureurs van toepassing is, en paragrawe 22.1 tot en met 22.3, wat op konsultusse van toepassing is, is met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

38.3 Vir doeleindes van Deel V behels 'n verwysing na 'n trustrekeningadvokaat wat 'n opdrag aanvaar, ook sy of haar aanvaarding van 'n opdrag van 'n prokureur of regstreeks van 'n lid van die publiek of van 'n regsentrum.

39. Aard van werk wat trustrekeningadvokaat onderneem

39.1 Die bepalings van paragrawe 23.1 en 23.2 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

39.2 'n Trustrekeningadvokaat moet voldoen aan die vereiste dat hy of sy in besit van 'n Getrouheidsfondssertifikaat is en moet sy of haar praktyk bedryf ooreenkomstig die toepaslike bepalings van Hoofstuk 7 van die Wet en die reëls met betrekking tot die opening en hou van trustrekenings en die hantering van trustgeld.

39.3 Die bepalings van paragraaf 23.3 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

40. Trustrekeningadvokate se toewyding aan die advokaatspraktyk

Die bepalings van paragraaf 24 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, op trustrekeningadvokate van toepassing.

41. Onafhanklikheid van trustrekeningadvokate

41.1 Die bepalings van paragrawe 25.1, 25.2, 25.7 en 25.8 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

41.2 'n Trustrekeningadvokaat moet, wanneer hy of sy 'n opdrag aanvaar, hetsy van 'n opdraggewende prokureur of regstreeks van 'n kliënt, alle aspekte van die opdrag persoonlik beoordeel en mag nie enigiemand toelaat om hom of haar voor te sê hoe die saak gevoer moet word nie. Indien die besluite geneem of die advies gegee deur die trustrekeningadvokaat nie vir die opdraggewende prokureur of die kliënt aanneemlik is nie, moet die trustrekeningadvokaat aanbied om die opdrag prys te gee, en indien die opdraggewende prokureur of die kliënt verkies om die prysgawe te aanvaar, moet die trustrekeningadvokaat hom of haar onverwyld onttrek.

41.3 'n Trustrekeningadvokaat mag nie in 'n hoër hof verskyn sonder dat sy of haar opdraggewende prokureur of die opdraggewende prokureur se kandidaatprokureur of die

kliënt, indien die trustrekeningadvokaat regstreeks deur ’n lid van die publiek opdrag gegee is, ook aanwesig is nie, behalwe soos hier onder bepaal.

41.4 ’n Trustrekeningadvokaat mag in ’n aangeleentheid voor ’n hof of tribunaal van enige aard verskyn sonder die aanwesigheid van die opdraggewende prokureur of die opdraggewende prokureur se verteenwoordiger of die kliënt, indien die trustrekeningadvokaat regstreeks deur ’n lid van die publiek opdrag gegee is: Met dien verstande dat die trustrekeningadvokaat te alle tye met die opdraggewende prokureur (of indien die trustrekeningadvokaat regstreeks deur ’n lid van die publiek opdrag gegee is, die kliënt) in verbinding kan bly.

41.5 ’n Trustrekeningadvokaat mag nie ’n bindende skikking in enige aangeleentheid bewerkstellig sonder die uitdruklike en spesifieke mandaat van die opdraggewende prokureur of die kliënt, na gelang van die geval, met betrekking tot die bedinge en voorwaardes van ’n skikkingsooreenkoms nie.

42. Aanvaarding van opdragte en die “cab-rank”-reël

42.1 Die bepalings van reëls 26.1, 26.2, 26.3, 26.8, 26.9 en 26.10 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

42.2 ’n Trustrekeningadvokaat mag ’n aanbod van ’n opdrag van die hand wys in ’n aangeleentheid waarin hy of sy meen dat hy of sy nie bevoeg is om in daardie aangeleentheid professionele dienste van die gepaste standaard wat redelikerwys van ’n trustrekeningadvokaat verwag word, te lewer nie of dat hy sy of sy haar sorgvuldigheidsplig nie kan nakom nie, en wanneer so ’n aanbod van die hand gewys word, moet die trustrekeningadvokaat daardie redes verstrek aan die opdraggewende prokureur of aan die kliënt, indien die trustrekeningadvokaat regstreeks deur ’n lid van die publiek opdrag gegee is.

42.3 ’n Trustrekeningadvokaat kan die aanbod van ’n opdrag van die hand wys indien ooreenkoms tussen hom of haar en die opdraggewende prokureur of die kliënt (indien die trustrekeningadvokaat regstreeks deur ’n lid van die publiek genader is) oor die gelde wat in die aangeleentheid gevra gaan word, nie bereik kan word nie: Met dien verstande dat die gelde wat die trustrekeningadvokaat voorstel, voldoen aan die norm van redelike gelde, soos beoog in paragraaf 29 van die Kode.

42.4 ’n Trustrekeningadvokaat moet, wanneer hy of sy daarop attent gemaak word dat die voorsittende beampte van ’n hof of ander beregtingsliggaam ’n lid van die trustrekeningadvokaat se familie is of ’n ander persoon is met wie die trustrekeningadvokaat ’n noue persoonlike verbintenis het, daardie feit aan die opdraggewende prokureur, aan die kliënt (indien die trustrekeningadvokaat regstreeks van ’n lid van die publiek opdrag ontvang het) en aan die konsultus van die teenparty bekendmaak.

42.5 'n Trustrekeningadvokaat moet, nadat hy of sy daarop attent gemaak is dat 'n familielid of iemand anders met wie die trustrekeningadvokaat 'n noue persoonlike verbintenis het, die konsultus van die teenparty is of 'n prokureur in die teenparty se prokureursfirma is, die opdraggewende prokureur of die kliënt (indien die trustrekeningadvokaat regstreeks van 'n lid van die publiek opdrag ontvang het) daarvan in kennis stel.

43. Aanvaarding van opdragte en instruksies

43.1 'n Trustrekeningadvokaat moet professionele regsdienste in hofpraktyk en kennis van die reg beoefen slegs wanneer 'n advokaatsopdrag aangebied en aanvaar word.

43.2 'n Trustrekeningadvokaat mag 'n opdrag van 'n prokureur of van 'n lid van die publiek of van 'n regsentrum aanvaar.

43.3 Indien 'n trustrekeningadvokaat 'n opdrag van 'n prokureur of van 'n arbitrasieliggaam aanvaar soos bedoel in paragraaf 27.3, mag die trustrekeningadvokaat deposito's en rekeningbetalings ontvang slegs van of deur die opdraggewende prokureur of van of deur die arbitrasieliggaam wat die opdrag aan die trustrekeningadvokaat gegee het, behalwe indien die prokureur of arbitrasieliggaam weens insolvensie of om enige ander rede nie in staat is om te betaal nie, in welke omstandighede en met verlof van die gemagtigde substruktuur van die Raad die trustrekeningadvokaat verskuldigde betalings van 'n ander bron ter vereffening van die skuld van die prokureur of arbitrasieliggaam mag ontvang.

43.4 Indien 'n trustrekeningadvokaat instruksies regstreeks van 'n lid van die publiek of van 'n arbitrasieliggaam ontvang, mag hy of sy gelde van daardie lid van die publiek of die arbitrasieliggaam of van enige ander bron ontvang, behoudens sy of haar voldoening aan Hoofstuk 7 van die Wet.

44. Aanvaarding van opdragte: Geïmpliseerde onderneming van sorgvuldigheid

44.1 Die bepalings van paragrawe 28.1, 28.4, 28.5, 28.6, 28.8, 28.9, 28.10, 28.11, 28.12 en 28.13 van die Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

44.2 'n Trustrekeningadvokaat mag nie nadat 'n opdrag aanvaar is, uit die onderneming om die opdrag uit te voer terugtree ten einde 'n ander opdrag wat later aangebied is, te behartig nie, behalwe op goeie gronde, wat geag word aanwesig te wees in enigeen van die volgende omstandighede:

44.2.1 Die belang van geregtigheid sal andersins aangetas word;

44.2.2 die opdraggewende prokureurs of opdraggewende kliënte van sowel die aanvanklik aangebode opdrag as die later aangebode opdrag kom skriftelik ooreen om die trustrekeningadvokaat van die eerste opdrag vry te stel.

44.3 'n Trustrekeningadvokaat mag nie 'n opdrag aan 'n ander advokaat oorgee sonder dat uitdruklik vooraf daaroor met die opdraggewende prokureur of die kliënt, indien die trustrekeningadvokaat regstreeks van 'n lid van die publiek opdrag ontvang het, ooreengekom is nie.

44.4 Indien 'n trustrekeningadvokaat 'n opdrag in enige aangeleentheid aanvaar het en omstandighede daarna ontstaan wat die behoorlike nakoming van sy of haar sorgvuldigheidsplig in gevaar stel, moet hy of sy, sodra sodanige gebeurlikheid blyk, veral met betrekking tot verhooropdragte, die opdraggewende prokureur of die opdraggewende kliënt, na gelang van die geval, van die omstandighede verwittig sodat stappe tydig gedoen kan word om benadeling te beperk en 'n opvolger wat die opdrag kan oorneem, betyds opdrag te gee.

45. Advokaatsgelde: Die norm van redelike gelde

Die bepalings van paragraaf 29 van die Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

46. Geldeooreenkomste

46.1 Die bepalings van paragrawe 30.1, 30.4 en 30.5 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

46.2 'n Trustrekeningadvokaat moet, wanneer hy of sy 'n opdrag of instruksie aanvaar, met die opdraggewende prokureur of met die kliënt, na gelang van die geval, die gelde beding wat vir die diens gevra sal word of die daaglikse of uurlikse tarief wat toegepas sal word by die berekening van gelde.

46.3 'n Trustrekeningadvokaat moet ten opsigte van elke opdrag uitdruklik met die opdraggewende prokureur (of met die kliënt indien die trustrekeningadvokaat regstreeks van die kliënt opdrag ontvang het) ooreenkom oor die gelde of oor die tarief van gelde wat gevra gaan word, tensy daar 'n stilswyende verstandhouding tussen die trustrekeningadvokaat en die opdraggewende prokureur of kliënt, na gelang van die geval, is oor die gelde of tarief van gelde wat die trustrekeningadvokaat gewoonlik vra vir die soort werk wat deur die opdrag of die instruksie gemagtig word.

46.4 Die volgende standaardbepalings, wat die trustrekeningadvokaat onder die aandag moet bring van die opdraggewende prokureur en van die kliënt, indien die instruksie deur 'n lid van die publiek gegee word, is stilswyend inbegrepe in 'n opdrag of instruksie aangebied aan en aanvaar deur 'n trustrekeningadvokaat:

46.4.1 Geen bedrag mag redelike gelde te bowe gaan nie;

46.4.2 die trustrekeningadvokaat kan redelike gelde vra vir ’n gereserveerde beregtingsdatum, tensy die opdraggewende prokureur of die kliënt, na gelang van die geval, die trustrekeningadvokaat met redelike kennisgewing van die gereserveerde datum vrystel;

46.4.3 ’n trustrekeningadvokaat wat gelde vir ’n gereserveerde beregtingsdatum vra, moet aan die opdraggewende prokureur of aan die kliënt, na gelang van die geval, ’n sertifikaat aflewer ten effekte dat die trustrekeningadvokaat nie enige ander opdrag vir beregting op die gereserveerde datum aanvaar het nie.

46.5 ’n Trustrekeningadvokaat kan uitdruklik, skriftelik of per e-pos, ’n ooreenkoms met die opdraggewende prokureur of die kliënt, na gelang van die geval, aangaan wat voorsiening vir enige van of al die volgende insluit:

46.5.1 Gelde, of ’n bepaalde bedrag as dekking vir die gelde, moet betaal word voordat enige verpligting ingevolge die opdrag nagekom word: Met dien verstande dat in sodanige geval die geld in trust gehou word ooreenkomstig Hoofstuk 7 van die Wet en die rekeningkundige reëls van toepassing op ’n trustrekeningadvokaat;

46.5.2 spesiale stakingsgelde is aan die trustrekeningadvokaat betaalbaar indien verrigtinge in ’n hof of tribunaal waarvoor die advokaat op versoek van die opdraggewende prokureur of die kliënt ’n aantal dae opsygesit het, nie soos verwag voortgaan nie, hetsy omdat die aangeleentheid geskik is, by ooreenkoms tussen die partye of by hofbevel uitgestel is, of vroeër afgesluit is as die einde van die tydperk wat die trustrekeningadvokaat daarvoor opsygesit het: Met dien verstande dat die gelde wat werklik gevra word, redelik is.

47. *Pro bono*-opdragte

Paragrawe 31.1 en 31.2 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

48. Verbode geldeooreenkomste

Die bepalings van paragraaf 32 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

49. Aanvaarding van geskenke deur advokate

49.1 ’n Trustrekeningadvokaat moet daarteen waak om sy of haar onafhanklikheid in die gedrang te bring deur die aanvaarding van geskenke van ’n kliënt of ’n prokureur, en

wanneer ook al dit nie onvanpas is om ’n geskenk van ’n kliënt te aanvaar nie, moet die advokaat dit deur die tussenkoms van die opdraggewende prokureur ontvang indien die trustrekeningadvokaat van ’n prokureur opdrag ontvang het.

49.2 Die bepalings van paragraaf 33.2 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

50. Merk van opdragte en voorlegging van gelderekeninge

50.1 Die bepalings van paragrawe 34.1, 34.4, 34.5 en 34.6 van die Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate.

50.2 ’n Trustrekeningadvokaat moet rekeninge lewer aan die opdraggewende prokureur of geakkrediteerde entiteit en moet betaling slegs van die opdraggewende prokureur of geakkrediteerde entiteit ontvang. Indien ’n trustrekeningadvokaat regstreek van ’n lid van die publiek of van ’n regsentrum opdrag kry, word rekeninge regstreeks aan die kliënt[6] gelewer, en betaling mag van ’n kliënt of van ’n derde party[7] ontvang word.

50.3 Indien ’n trustrekeningadvokaat opdrag van ’n prokureur gekry het, mag daardie trustrekeningadvokaat nie ’n rekening regstreeks aan ’n kliënt lewer of betaling regstreeks van ’n kliënt ontvang nie.

50.4 ’n Trustrekeningadvokaat moet bankrekeninge in stand hou ooreenkomstig Hoofstuk 7 van die Wet en die rekeningkundige reëls van toepassing op trustrekeningadvokate, en moet betalings ten opsigte van rekeninge in die gepaste rekening laat inbetaal ooreenkomstig Hoofstuk 7 van die Wet en die rekeningkundige reëls[8].

51. Verhaling deur trustrekeningadvokate van gelde verskuldig en betaalbaar

51.1 Die bepalings van paragraaf 35 van hierdie Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing op trustrekeningadvokate ten opsigte van rekeninge verskuldig wat voortspruit uit opdragte van prokureurs.

51.2 ’n Trustrekeningadvokaat wat handel uit hoofde van ’n instruksie regstreeks van ’n lid van die publiek of van ’n regsentrum ontvang, is daarop geregtig om enige rekeninge deur daardie kliënt verskuldig en betaalbaar regstreeks van die kliënt[9] te verhaal.

52. Professionele etiket

---

[6] Die Engelse teks lui slegs “to the client directly”, maar die samehang suggereer dat dit “regstreeks aan die kliënt of die regsentrum, na gelang van die geval,” behoort te wees.

[7] Soos by voetnoot 5: Dit moet vermoedelik lui “van ’n kliënt of van ’n regsentrum of van ’n derde party”.

[8] Sien voetnoot 2.

[9] Sien voetnoot 5; vermoedelik ook die betrokke regsentrum.

Die bepalings van paragraaf 61.3 van die Kode is, met die veranderinge wat die samehang vereis, op trustrekeningadvokate van toepassing.

53. Versaking van praktyk

53.1 'n Trustrekeningadvokaat mag nie sy of haar praktyk versaak nie.

53.2 'n Trustrekeningadvokaat mag nie sy of haar praktyk sluit sonder kennisgewing vooraf aan die Raad en aan sy of haar kliënte en aan prokureurs wat aan hom of haar opdragte gegee het nie en sonder om met die kliënte en prokureurs reëlings tref vir die afhandeling van hulle sake of vir die sorg van hulle eiendom in sy of haar besit of onder sy of haar beheer.

DEEL VI

Gedrag van regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns met betrekking tot verskynings in 'n hof of voor 'n tribunaal

54. Verskynings

54.1 Tensy anders vermeld of tensy uit die samehang anders blyk, is Deel VI van hierdie Kode van toepassing op alle regspraktisyns en kandidaatregspraktisyns wat verskyning betref in 'n hof waarin hulle verskyningsbevoegdheid het, of voor 'n tribunaal wat 'n geregtelike, kwasigeregtelike of administratiewe funksie vervul.

54.2 Indien 'n bepaling van Deel VI van hierdie Kode strydig met enige ander bepaling van die Kode is, gaan daardie ander bepaling voor en geniet dit voorrang bo die bepalings van Deel VI.

55. Onderhoude met getuies

Algemeen

55.1 'n Regspraktisyn wat 'n advokaat is[10], moet normaalweg in teenwoordigheid van die opdraggewende prokureur of ander verteenwoordiger van die opdraggewende prokureur (indien daar 'n opdraggewende prokureur is) met kliënte en getuies onderhoude voer.

55.2 'n Regspraktisyn wat 'n konsultus bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet is, mag in die volgende gevalle 'n onderhoud met 'n getuie voer by afwesigheid van die opdraggewende prokureur of ander verteenwoordiger van die opdraggewende prokureur:

55.2.1 Indien die aangeleentheid onderneem word in opdrag van Regshulp Suid-Afrika of 'n regskliniek;

[10] In die lig van die woordomskrywing van "regspraktisyn" is dit nodig om soms te spesifiseer dat die regspraktisyn 'n advokaat is.

55.2.2 indien dit nodig is om ’n onderhoud met ’n getuie te voer en die opdraggewende prokureur dit redelikerwys nie kan bywoon nie;

55.2.3 indien die regspraktisyn saam met die kliënt in ’n hof of voor ’n tribunaal is en die opdraggewende prokureur afwesig is;

55.2.4 indien die opdraggewende prokureur toestemming daartoe verleen.

55.3 ’n Regspraktisyn moet normaalweg nie onderhoude met getuies wie se geloofwaardigheid in geskil kan wees, in teenwoordigheid van ander getuies voer nie.

55.4 Tensy ’n regspraktisyn beoog om getuienis by wyse van beëdigde verklaring aan ’n hof of tribunaal aan te bied, mag die skriftelike verklarings deur getuies afgelê in ’n onderhoud met die regspraktisyn of die skriftelike verklarings wat deur getuies afgelê is en deur die opdraggewende prokureur (indien van toepassing) verskaf is aan ’n regspraktisyn wat ’n advokaat is, nie by wyse van beëdigde verklaring afgeneem word nie.

55.5 Nadat ’n regspraktisyn ’n getuie geroep het om te getuig, mag die regspraktisyn nie weer met daardie getuie ’n onderhoud voer voordat kruisondervraging en herondervraging, as daar is, afgehandel is nie, tensy omstandighede ontstaan wat so ’n onderhoud nodig maak. Indien ’n behoorlike saak vir so ’n nodige onderhoud bestaan, moet die regspraktisyn voor daardie onderhoud die regspraktisyn van die teenparty in kennis stel van die nodigheid van die onderhoud. Tensy die regspraktisyn van die teenparty egter daartoe instem, mag geen sodanige onderhoud gevoer word nie, behalwe as die hof of tribunaal toestemming daartoe verleen.

Onderhoude met getuies van die teenparty in siviele verrigtinge

55.6 ’n Regspraktisyn mag nie verhoed word om te eniger tyd voor of gedurende ’n verhoor ’n onderhoud te voer met enigiemand van wie die regspraktisyn meen nuttige inligting verkry kan word nie, en in die besonder is dit geen rede om die onderhoud te verhoed nie as die teenparty—

55.6.1 daardie persoon gesubpoena het of beoog om hom of haar te subpoena;

55.6.2 reeds ’n onderhoud met daardie persoon gevoer het of gereël het dat ’n onderhoud met hom of haar gevoer word.

55.7 Indien ’n regspraktisyn te eniger tyd nadat ’n saak ’n aanvang geneem het, rede het om te vermoed dat iemand met wie hy of sy dan beoog om ’n onderhoud te voer, met die teenparty in aanraking kon wees met die oog daarop om te getuig, moet die regspraktisyn, óf voor óf aan die begin van die onderhoud, of indien die vermoede eers gedurende die onderhoud ontstaan, sodra die vermoede ontstaan, vasstel of die betrokke persoon wel met die teenparty in aanraking was en of die persoon deur die teenparty gesubpoena is of waarskynlik gesubpoena sal word en of die teenparty ’n onderhoud met die persoon gevoer of gereël het, en indien die regspraktisyn ingelig word dat die teenparty enige van daardie

stappe gedoen het, moet hy of sy onverwyld die teenparty verwittig van sy of haar voorneme om ’n onderhoud met daardie persoon te voer, en mag hy of sy nie begin of voortgaan met ’n onderhoud voordat sodanige verwittiging deur die teenparty ontvang is nie, en daarna mag die onderhoud gevoer word sonder dat ’n verteenwoordiger van die teenparty aanwesig is.

55.8 Wanneer ’n regspraktisyn ook al ’n onderhoud reël met iemand wat reeds vir die teenparty getuig het, moet die regspraktisyn, voordat die onderhoud gevoer mag word, die teenparty met redelike kennisgewing uitnooi om by die onderhoud aanwesig te wees. Ongeag die aan- of afwesigheid van die teenparty mag die onderhoud egter voortgaan volgens die reëling in die kennisgewing vermeld.

Onderhoude met getuies vir die vervolging deur die regspraktisyn vir die verdediging

55.9 ’n Regspraktisyn moet, behalwe soos hierna bepaal, wanneer hy of sy strafregtelike verdedigings voer, redelike stappe doen om onbedoelde kontak met enigiemand wat ’n staatsgetuie is of waarskynlik sal wees, te voorkom vir so lank as wat daardie persoon staatsgetuie is of waarskynlik sal wees, en wanneer ’n regspraktisyn ook al voornemens is om ’n onderhoud met enigiemand te voer, moet hy of sy voor die onderhoud vasstel of daardie persoon ’n staatsgetuie is.

55.10 ’n Regspraktisyn mag ’n onderhoud met ’n staatsgetuie voer indien die vervolging verlof daartoe gee of, by gebreke van sodanige toestemming, indien ’n hof verlof gee dat dit gedoen mag word, en indien die verlof aan voorwaardes onderworpe is, streng ooreenkomstig daardie voorwaardes.

55.11 Vir doeleindes van hierdie Kode sluit ’n staatsgetuie met betrekking tot ’n bepaalde aanklag enigiemand in van wie die Suid-Afrikaanse Polisiediens ’n verklaring in verband met ’n misdaad of beweerde misdaad afgeneem het, ongeag of die vervolging sodanige persoon gaan oproep of nie, asook enigiemand wat reeds vir die staat getuig het.

56. Die bestek en grense van regmatige kruisondervraging

56.1 ’n Regspraktisyn moet ’n getuie met behoorlike inagneming van die getuie se reg op waardigheid kruisondervra.

56.2 ’n Regspraktisyn moet daarteen waak om dermate deur enige persoon beïnvloed te word dat daardie regspraktisyn ongeregverdigde verleentheid, aanstoot of wrewel by ’n getuie veroorsaak, en moet persoonlike beheer behou oor wat in kruisondervraging gevra of gestel word, deur persoonlike oordeel uit te oefen oor die gepastheid van alle en enige aantygings.

56.3 ’n Regspraktisyn mag nie ’n feitebewering aan ’n getuie stel indien die regspraktisyn nie redelikerwys daarop kan staatmaak dat toelaatbare getuienis, hetsy mondeling of andersins, beskikbaar is wat aangebied kan word om die feitebewering te staaf nie.

56.4 ’n Regspraktisyn mag nie die karakter van ’n getuie aanval as hy of sy nie goeie gronde het om dit te doen nie. In dien verbande word goeie gronde geag aanwesig te wees indien—

56.4.1 die opdraggewende prokureur (as daar een is) die regspraktisyn wat ’n advokaat is, in kennis stel dat daardie prokureur tevrede is dat die aanval gegrond is en op die waarheid berus, maar ’n blote instruksie om ’n aanval te van stapel te stuur, is onvoldoende;

56.4.2 die bron van die aanval ’n verklaring deur enige ander persoon behalwe die opdraggewende prokureur is en die regspraktisyn wat ’n advokaat is, by daardie persoon of uit enige ander bron betroubare inligting verkry of redes vind om aan te neem dat die stelling gegrond is en op die waarheid berus.

56.5 Ongeag of die verklaring oor teen die getuie gegrond is en op die waarheid berus is, moet die regspraktisyn nie daardie verklaring aan die getuie stel nie, tensy die antwoorde wat gegee kan word, rederlikerwys beskou kan word as van wesenlike belang vir die geloofwaardigheid van daardie getuie of vir ’n geskilpunt in die saak.[11]

56.6 ’n Regspraktisyn mag nie in die voer van ’n strafregtelike verdediging die misdaad waarvoor die kliënt teregstaan, op roekelose wyse aan ’n getuie of ander persoon toeskryf of hom of haar daarvan beskuldig nie. Sodanige toeskrywing of beskuldiging mag gedoen word slegs as die feite wat in getuienis aangebied word of gaan word, en die omstandighede wat die getuienis suggereer, ’n redelike grondslag bied waarop rasionele gevolgtrekkings gemaak kan word om minstens ’n redelike vermoede te regverdig dat die betrokke misdaad deur daardie getuie of ander persoon gepleeg kon gewees het.

57. Openbaarmakings en nieopenbaarmakings deur regspraktisyn

57.1 ’n Regspraktisyn moet alle redelike stappe doen om nie ’n hof of tribunaal regstreeks of onregstreeks te mislei oor enige feiteaangeleentheid of regsvraag nie. In die besonder mag ’n regspraktisyn nie ’n hof of tribunaal mislei met betrekking tot wat in stukke voor die hof of ’n tribunaal is nie, met inbegrip van ’n transkripsie van getuienis.

57.2 ’n Regspraktisyn moet nougeset die persoonlike en vertroulike inligting beskerm wat ’n kliënt aan hom of haar gekommunikeer het, tensy die inligting nie geprivilegeer is nie en openbaarmaking regtens vereis word.

57.3 ’n Regspraktisyn mag nie afstand doen of afstand heet te doen van privilegie ten opsigte van geprivilegeerde inligting nie; die besluit om afstand van professionele privilegie te doen berus by die kliënt, en nie by die regspraktisyn nie.

[11] In reëls 56.4 en 56.5 van die Engelse teks word die werkwoorde *impugn* en *impute* en hulle onderskeie afleidings *imupgnment* en *imputation* verwar. Daardie verwarring is uit die Afrikaans geweer.

57.4 ’n Regspraktisyn moet in enige *ex parte*-verrigtinge aan die hof openbaar maak alle feite (buiten dié wat deur professionele privilegie of kliëntvertroulikheid beskerm word) wat aan daardie regspraktisyn bekend is en redelikerwys ’n wesenlike invloed kan hê op die beslissing wat die hof moet maak.

57.5 ’n Regspraktisyn moet in alle verrigtinge aan ’n hof of tribunaal openbaar maak alle toepaslike gesaghebbende regsbronne waarvan die regspraktisyn bewus is en wat redelikerwys ’n wesenlike invloed kan hê op die beslissing wat die hof of tribunaal moet maak.

57.6 ’n Regspraktisyn wat ’n advokaat is, moet, indien dit in belang van geregtigheid nodig is om inligting wat deur professionele privilegie beskerm word, aan ’n hof of tribunaal openbaar te maak, van die opdraggewende prokureur (indien daar een is) en die kliënt toestemming tot die openbaarmaking aanvra, en indien toestemming geweier word, moet die regspraktisyn dit nougeset vermy om in enige opmerking wat teenoor die hof of tribunaal gemaak word, daarop te sinspeel dat alle inligting wat in belang van geregtigheid is, geopenbaar is.

57.7 Indien ’n regspraktisyn verplig word om hom of haar in enige verrigtinge aan verteenwoordiging van ’n kliënt te onttrek, mag die regspraktisyn nie ’n verduideliking gee wat die kliënt se vertroulike of geprivilegeerde inligting sal openbaar nie.

57.8 Indien ’n regspraktisyn ’n konsepbevel aan ’n hof voorlê wat in enige opsig afwyk van standaardvormbevele wat roetinegewys in daardie hof gegee word, moet die regspraktisyn die hof se aandag uitdruklik op sodanige afwykings vestig en ’n regverdiging vir die afwykings aanbied.

57.9 ’n Regspraktisyn mag nie op enige verklaring steun wat in getuienis gedoen is en wat hy of sy weet onjuis of vals is nie.

57.10 ’n Regspraktisyn mag nie enige geprivilegeerde inligting van die teenparty gebruik wat per toeval of onregmatig in daardie regspraktisyn se besit gekom het nie, en moet onverwyld nadat dit gebeur het, die regsverteenwoordigers van die teenparty daarvan verwittig. Indien sodanige inligting egter daarna op regmatige wyse aan die regspraktisyn beskikbaar word, word hy of sy nie verbied om daarvan gebruik te maak nie.

58. Belangebotsings waarby regspraktisyns betrokke is

58.1 ’n Regspraktisyn moet daarteen waak om persoonlik, in teenstelling met professioneel, met die belange van die kliënt geassosieer te word.

58.2 ’n Regspraktisyn mag nie vir die kliënt borg betaal nie.

58.3 ’n Regspraktisyn mag nie ’n opdrag aanvaar om voor enige hof, raad of ander beregtingstribunaal, hetsy statutêr of van vrywillige aard, te verskyn nie indien hy of sy terselfdertyd ’n lid van daardie hof, raad of ander beregtingstribunaal is, hetsy verkose of

aangestel en ongeag of sodanige lidmaatskap in permanente, tydelike of waarnemende hoedanigheid is.

58.4 ’n Regspraktisyn is nie verplig om ’n opdrag te aanvaar as hy of sy voorheen ’n opdrag aanvaar het om ’n ander belanghebbende party oor die aangeleentheid te adviseer nie. Die regspraktisyn moet so ’n opdrag van die hand wys indien vertroulike inligting wat op die aangeleentheid betrekking het, hom of haar tydens die vorige opdrag bereik het of indien daar ’n redelike siening kan bestaan dat die kliënt van die vroeëre opdrag deur aanvaarding van die latere opdrag benadeel kan word.

58.5 ’n Regspraktisyn mag ’n opdrag aanvaar of ’n saak vir ’n party te beredeneer al het hy of sy vroeër ’n opinie oor die kwessies vir die teenparty gegee: Met dien verstande dat—

58.5.1 geen inligting deur die regspraktisyn vir die doel van die opinie ontvang is waaroor daar ’n redelike siening kan wees dat die kliënt van die vroeëre opdrag deur aanvaarding van die latere opdrag benadeel kan word nie; en

58.5.2 die prokureurs van albei partye (indien aangestel), of ’n onverteenwoordigde party, instem tot die aanbied van die latere opdrag voordat dit aanvaar word.

58.6 ’n Regspraktisyn mag nie ’n appèlopdrag aanvaar indien hy of sy in enige stadium van die verrigtinge ’n opdrag van die teenparty aanvaar het nie.

58.7 ’n Prokureur wat by ’n ondersoek kragtens enige wetsvoorskrifte rakende maatskappye as voorsitter opgetree het, mag te gener tyd ’n opdrag aanvaar om in enige hoedanigheid vir ’n belanghebbende party op te tree in enige latere verrigtinge wat enigsins met die onderwerp van die ondersoek in verband staan nie.

58.8 ’n Regspraktisyn wat ’n opdrag van ’n likwidateur of van ’n trustee van ’n insolvente boedel aanvaar het, mag te gener tyd ’n opdrag aanvaar om in enige hoedanigheid in latere verrigtinge in die likwidasie of die insolvensie vir ’n belanghebbende party op te tree nie.

58.9 ’n Regspraktisyn mag nie ’n opdrag aanvaar indien hy of sy ’n verbintenis van enige aard, met inbegrip van familieverwantskap, met die kliënt of ’n teenparty het wat die regspraktisyn se onafhanklikheid onder verdenking kan bring of wat redelikerwys verwag kan word sy of haar onafhanklikheid onder verdenking te bring nie.

58.10 ’n Regspraktisyn mag nie ’n opdrag aanvaar indien ’n betrekking of amp wat hy of sy voorheen by die kliënt of ’n teenparty beklee het, die regspraktisyn se onafhanklikheid onder verdenking bring of redelikerwys verwag kan word sy of haar onafhanklikheid onder verdenking te bring nie.

58.11 ’n Regspraktisyn mag nie ’n opdrag ten behoewe van ’n provinsiale of munisipale raad waarvan hy of sy lid is, aanvaar nie.

58.12 ’n Advokaat wat voorheen ’n prokureur was wat vir ’n kliënt in ’n saak opgetree het, behoort nie ’n opdrag as ’n regspraktisyn in dieselfde saak te aanvaar nie indien die advokaat se voormalige hoedanigheid en die mate van beheer en leiding wat hy of sy as prokureur

uitgeoefen het, of sy of haar gevestigde verhouding as prokureur met die kliënt, die verwagting dat daardie advokaat se advies oor die voer van die saak onafhanklik sal wees, onder verdenking sal bring.

59. Belangebotsings tussen kliënte van regspraktisyns

59.1 'n Regspraktisyn moet, wanneer hy of sy namens twee of meer kliënte optree, die risiko in gedagte hou van 'n belangebotsing wat bestaan of in die loop van die verrigtinge, hetsy strafregtelik of siviel, kan ontstaan, en wanneer die regspraktisyn van die bestaan van 'n belangebotsing bewus gemaak is, moet hy hom of sy haar so gou moontlik aan optrede namens een of al die kliënte in daardie verrigtinge onttrek, en in die besonder—

59.1.1 mag 'n regspraktisyn, indien hy of sy bewus geword het van geprivilegeerde of vertroulike inligting van enige bepaalde kliënt wat ter sake is in die verrigtinge en wat tot nadeel van enige ander kliënt gebruik kan word, nie in enige verrigtinge optree waarin die kliënt benadeel sou kon word nie;

59.1.2 mag die regspraktisyn, indien hy of sy van 'n belangebotsing tussen kliënte te wete kom op 'n tyd waarop en in omstandighede waarin die regspraktisyn nie van enige geprivilegeerde inligting bewus gemaak is nie, voortgaan om op te tree namens die een of ander kliënt benoem deur die opdraggewende prokureur (indien een aangestel is).

59.2 'n Regspraktisyn mag namens twee of meer opponente optree om 'n skikkingsooreenkoms op te stel wat hulle ooreenkoms vaslê, maar moet die partye inlig oor hulle reg op onafhanklike regsadvies. In enige aangeleentheid wat 'n skikking van 'n huweliksgeskil behels of 'n aangeleentheid wat die reëling van die sorg en verblyf van kinders behels, moet die regspraktisyn voorts daadwerklike stappe doen om te verseker dat alle aspekte van 'n beoogde skikking vir alle partye billik is en in die beste belang van die kinders is.

60. Verbintenis van regspraktisyn tot 'n doeltreffende geregtelike proses

60.1 'n Regspraktisyn mag nie die geregtelike proses van 'n hof of tribunaal misbruik of toelaat dat dit misbruik word nie en moet op 'n wyse handel wat die doeltreffendheid van die geregtelike proses bevorder en verhoog.

60.2 'n Regspraktisyn mag nie doelbewus die duur van 'n saak voor 'n hof of tribunaal verleng nie.

60.3 'n Regspraktisyn moet alle redelike stappe doen om betyds by 'n hof of tribunaal op te daag indien hy of sy verwag om daarin of daarvoor te verskyn, en te dien einde moet hy of sy redelike stappe doen om rekening te hou met gereelde gebeurtenisse wat stiptelike aankoms kan verhinder.

60.4 ’n Regspraktisyn wat verwag om op ’n bepaalde tyd in ’n hof of voor ’n tribunaal te verskyn, moet daardie verpligting nakom en moet ander verpligtinge so reël dat dit nie met die geskeduleerde verrigtinge in die hof inmeng nie. In die besonder mag ’n regspraktisyn nie poog of reël om ’n saak uit te stel of om dit na ’n ander tyd te verskuif ter wille van sy of haar eie gerief nie, behalwe wanneer die opdraggewende prokureur (indien een aangestel is) en die kliënt daartoe ingestem het nadat hulle volledig en noukeurig ingelig is oor die redes waarop die regspraktisyn steun; en—

60.4.1 indien ’n teenparty geraak word, nadat die teenparty se regsverteenwoordigers, as daar is, volledig en noukeurig ingelig is en daartoe ingestem het; en

60.4.2 die sake van die hof of tribunaal nie wesenlik benadeel word nie.

61. Openbare kommentaar deur regspraktisyn

61.1 ’n Regspraktisyn mag nie in die openbaar kommentaar lewer of menings publiseer oor sake wat voor ’n hof of ’n tribunaal dien en waarvan die litigasieproses nog nie afgehandel is nie, behalwe met die doel om die openbare begrip van die kwessies wat in die loop van daardie verrigtinge ontstaan het of kan ontstaan, te bevorder.

61.2 ’n Regspraktisyn mag in die openbaar menings uitspreek oor enige regsvraag, mits dit nie waarskynlik is dat so ’n mening vertolk sal word as ’n vooruitbeoordeling van ’n werklike saak wat dan voor ’n hof of tribunaal dien nie.

61.3 *Professionele etiket*

61.4 ’n Regspraktisyn moet, by sy of haar eerste verskyning voor ’n regterlike beampte, die griffier van die regterlike beampte (indien die regterlike beampte ’n regter is) of die ooreenstemmende amptenaar in enige ander hof, nader ten einde hom of haar voordat die aangeleentheid aangehoor word, aan die regterlike beampte voor te stel. Hierdie reël geld ook ten opsigte van waarnemende regters, en enige professionele of persoonlike bekendheid met die waarnemende regter is nie ter sake nie.

61.5 By die roep van die hofrol in ’n verhoorhof, in mosiehowe en in egskeidingshowe moet regspraktisyns hulle sitplek van die voorste ry af inneem, met inagneming van senioriteit.

61.6 ’n Regspraktisyn moet met beleefdheid en respek teenoor die regterlike beampte, die hofpersoneel en alle ander mense optree.

61.7 ’n Regspraktisyn moet, wanneer sy of haar saak afgehandel is, in die hofsaal aanbly totdat die regspraktisyn in die volgende saak opgestaan het of, as eersbedoelde regspraktisyn die laaste regspraktisyn in die hof is, totdat die hof verdaag het.

61.8 ’n Regspraktisyn mag nie, indien hy of sy opdrag in ’n bestrede aangeleentheid gekry het, die regterlike beampte nader sonder dat die regspraktisyn van die teenparty by is nie, tensy laasbedoelde regspraktisyn uitdruklik daartoe ingestem het.

61.9 Regspraktisyns mag nie toelaat dat kwade gevoelens tussen gedingvoerders of regspraktisyns inmeng met die beleefde en professionele voer van die saak nie.

61.10 Regspraktisyns mag hulle nie binne of buite die hof persoonlike aanmerkings oor regspraktisyns van die teenparty of getuies veroorloof nie, en mag nie toelaat dat enige antipatie wat moontlik tussen die regspraktisyn en die regspraktisyns van die teenparty persoonlik bestaan, inbreuk maak op die voer van die saak nie.

61.11 Ná ’n verhoor en terwyl uitspraak afgewag word, mag ’n regspraktisyn nie enige verdere materiaal van watter aard ook al aan die regterlike beampte voorlê of aan hom of haar probeer stuur nie, behalwe by onderlinge ooreenkoms tussen verteenwoordigers van al die partye: Met dien verstande dat indien toestemming onredelikerwys weerhou word, die voorlegging van sodanige verdere materiaal in ’n gepaste geval die onderwerp kan word van ’n aansoek om die verhoor te heropen ten einde die verdere materiaal te ontvang of, indien die verdere materiaal uit slegs verwysings na gesaghebbende regsbronne bestaan wat kan help om ’n vraag te beslis, ’n regspraktisyn ’n skriftelike versoek aan die regter se griffier of ooreenstemmende hofbeampte kan rig om die regterlike beampte te nader met ’n uitnodiging om die verwysings te ontvang.

61.12 ’n Regspraktisyn mag nie opsetlik probeer om ’n regspraktisyn van die teenparty onverhoeds te betrap nie. Derhalwe moet ’n regspraktisyn —

61.12.1 wanneer hy of sy ook al hoofde van betoog voorberei het, behalwe wanneer hy of sy ingevolge die hofreëls daartoe verplig word, nie later nie as die tyd waarop die hoofde aan die hof voorgelê word, ook aan die regspraktisyn van die teenparty ’n identiese stel van daardie hoofde gee;

61.12.2 wanneer hy of sy ook al ’n bundel gesaghebbende regsbronne aan die hof gee, minstens ’n lys wat die gesaghebbende regsbronne noem, aan die regspraktisyn van die teenparty gee;

61.12.3 wanneer hy of sy ook al van ’n transkripsie van verrigtinge gebruik maak, ’n afskrif daarvan aan die regspraktisyn van die teenparty gee, nie later nie as die eerste keer dat na die transkripsie verwys word;

61.12.4 wanneer hy of sy ook al voornemens is om ’n regspunt aan te voer wat nie uit die stukke blyk nie, afgesien van enige hofreël wat van toepassing kan wees, die regspraktisyn van die teenparty tydig in kennis stel ten einde te verhoed dat laasgenoemde onverhoeds betrap word;

61.12.5 wanneer hy of sy ook al beoog om ’n ongerapporteerde uitspraak aan die hof voor te lê, voor die aanhoor van die aangeleentheid die regspraktisyn van die teenparty tydig in kennis stel en van ’n afskrif van die uitspraak voorsien ten einde te verhoed dat laasgenoemde onverhoeds betrap word.

61.13 ’n Regspraktisyn wat rede het om ’n formele klag oor die gedrag van ’n ander regspraktisyn of regspraktisyns in te dien, moet ’n volledige verslag opstel van die omstandighede wat tot die klag gelei het en moet die klag dan by die gemagtigde substruktuur van die Raad indien.

61.14 Klagte word gehanteer ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures waarby professionele gedrag gereël word.

62. Bykomende bepalings met betrekking tot regspraktisyns

Die bepalings van paragraaf 26 is, met die veranderinge wat die samehang vereis, op regspraktisyns van toepassing asof dit uitdruklik by hierdie Deel ingesluit is.

DEEL VII

Gedrag van regspraktisyns wat nie in private praktyk is nie

63.1 Tensy anders vermeld of tensy uit die samehang anders blyk, is Deel VII van hierdie Kode van toepassing slegs op regspraktisyns wat nie in private praktyk is nie en by ’n werkgewer in diens is met die doel om daardie werkgewer te voorsien van toegewyde regsdienste en -advies in ruil vir ’n salaris of besoldiging (welke regspraktisyns vir doeleindes van Deel VII en tensy uit die samehang anders blyk, almal **“korporatiewe regsadviseurs”** genoem word). Indien Deel VII van hierdie Kode strydig met die bepalings van Deel II is, gaan die bepalings van Deel II voor en geniet dit voorrang bo die bepalings van Deel VII.

63.2 Korporatiewe regsadviseurs moet te alle tye op etiese wyse optree en moet, sonder om afbreuk aan die algemene aard van hierdie plig te doen, aan die volgende gedragstandaarde voldoen:

63.2.1 Op ’n billike, eerlike en deursigtige wyse handel, en met waardigheid en integriteit;

63.2.2 onpartydig en objektief bly en ondergeskiktheid of onbehoorlike beïnvloeding van hulle oordeel deur andere vermy;

63.2.3 uitvoering gee aan regs- en etiese waardes en vereistes, en enige leemte of gebrek in ’n wet, regulasie, standaard of kode op ’n etiese en verantwoordelike wyse hanteer;

63.2.4 nie meedoen aan enige handeling wat oneerlikheid, korrupsie of omkopery behels nie;

63.2.5 aan enige betrokke party enige persoonlike, sake- of finansiële belang in sy of haar werkgewer of die werkgewer se besigheid of in enige belanghebber openbaar maak ten einde enige skynbare, werklike of potensiële belangbotsing te vermy;

63.2.6 nie wetend enige feit verkeerd voorstel of enige wanvoorstelling daarvan toelaat nie;

63.2.7 opinies, beslissings, advies, regsdienste of aanbevelings gee wat eerlik en objektief is.

63.3 'n Korporatiewe regsadviseur moet, wanneer hy sy of sy haar plig teenoor die werkgewer vervul, regsdienste lewer of advies gee wat vry van enige belangebotsing, finansiële belang of eiebelang is. Sonder om die algemeenheid van hierdie plig te beperk, moet 'n korporatiewe regsadviseur—

63.3.1 vry wees en sigbaar vry wees van enige onbehoorlike beïnvloeding of eiebelang, regstreeks of onregstreeks, wat gesien kan word as onversoenbaar met sy of haar integriteit of objektiwiteit;

63.3.2 elke situasie evalueer vir 'n moontlike belangebotsing of finansiële belang, en bedag wees op die moontlikheid van belangebotsings;

63.3.3 enige belangebotsing of finansiële belang in 'n aangeleentheid onmiddellik verklaar en hom of haar aan enige betrokkenheid by die aangeleentheid onttrek;

63.3.4 bewus wees van potensiële betrekkinge wat kan lei tot die moontlikheid of skyn van 'n belangebotsing, en dit ontmoedig;

63.3.5 nie enige geskenk, voordeel, teenprestasie of vergoeding aanvaar wat as 'n kompromittering van sy of haar onafhanklikheid of oordeel beskou kan word nie.

63.4 'n Korporatiewe regsadviseur moet te alle tye op 'n professionele wyse optree, en sonder om die algemeenheid van hierdie plig te beperk, moet 'n korporatiewe regsadviseur—

63.4.1 met sodanige mate van vaardigheid, sorg, aandag en noulettendheid optree as wat redelikerwys van 'n korporatiewe regsadviseur verwag kan word;

63.4.2 op 'n openlike en deursigtige wyse met sy of haar werkgewer en met derde partye kommunikeer en sy of haar werkgewer of 'n derde party nie opsetlik mislei nie;

63.4.3 objektiewe en onpartydige besluite neem op grond van deeglike navorsing en deeglike evaluering van die feite en konteks van die aangeleentheid;

63.4.4 onafhanklike en professionele oordeel toepas in sy of haar omgang met sy of haar werkgewer en met derde partye;

63.4.5 in redelike mate op hoogte van regsontwikkelings, toepaslike regsvoorskrifte, regulasies, regsteorie en die gemene reg bly, veral in soverre dit van toepassing is op sy of haar werkgewer en die bedryf waarin hy of sy werksaam is;

63.4.6 die reg na die letter en die gees vervul en nakom, en in die besonder dit wat van toepassing is op sy of haar werkgewer en die bedryf waarin hy of sy werksaam is, met inbegrip van interne bindende en niebindende kodes, beginsels en gedragstandaarde;

63.4.7 die vertroulikheid en privaatheid van alle inligting handhaaf en beskerm wat aan hom of haar beskikbaar gestel en deur hom of haar ontvang word in die loop van die verrigting van sy of haar pligte, tensy daar regtens 'n verpligting is om daardie inligting openbaar te maak;

63.4.8 in die algemeen optree op 'n wyse wat bestaanbaar is met die goeie naam van regspraktisyns en die regsberoep, en hom of haar weerhou van gedrag wat die publiek, die regsberoep of regspraktisyns kan benadeel of wat die regsberoep of regspraktisyns 'n slegte naam kan gee.